

# Die Stilgemaakte Hart

*Die verhaal van 'n weduwee*

ESTHER

# Die Stilgemaakte Hart

Deur Esther Bornman

*www.heartatrest.net*

This work is licensed under CC BY-NC-ND 4.0

This license requires that reusers give credit to the creator.

It allows reusers to copy and distribute the material in any medium or format, for noncommercial purposes only.

The material may not be remixed, adapted, or changed in any way.

For more information see:
https://creativecommons.org/licenses/by-nc-nd/4.0/

# CONTENTS

Alles Het Verander .................................. 4

Loop! Los My Uit! ..................................... 16

Ek Verstaan Nie ....................................... 26

Wie Kan Vir My Raad Gee? ................ 34

Asseblief Behartig My Saak ...................... 42

Moenie Huil Nie! ..................................... 53

Meer Werd As Sewe ................................... 60

Alles Is Alles ............................................ 68

‘N Opdrag! Het Ek Reg Verstaan? .............. 75

Die Stilgemaakte Hart ................................ 83

# ALLES HET VERANDER

Dit was seker so drie weke na my man se dood dat daar iets vreemds met my gebeur het. Ek het net een middag skoon vergeet dat ek weduwee geword het. Sonder om te dink het ek soos gewoonlik net voor vier die teekoppies reggesit, koekies uitgehaal en solank die ketel aangeskakel, terwyl ek met die een oor wag vir die bekende voetstappe. 'n Paar keer het ek op my horlosie gekyk en gewonder waar hy dan so lank bly. Skielik het dit my soos 'n vuishou getref. Maar hy sal mos nooit weer huis toe kom nie! Hy is dan dood!

Verwese het ek op die bed gaan sit en verdwaas voor my uitgestaar. My gedagtes was soos 'n grammefoonplaat wat vasgehaak het: "Hy is dood! Hy is dood! Hy is dood!"

Verskrik het ek weer opgespring. Net om iets te doen, het ek verlepte blomme uit die rangskikking

getrek. Die plofgeluid waarmee dit in die snipper-mandjie beland het, het my laat gril. Dit het geklink soos die eerste kluite op die kis. Dit was asof 'n stormwind my getref het. Weg was die vrede wat dae lank oor my waggehou het. Weg was die liefde en vertroosting van vriende. Weg was die verbasende krag en sterkte wat ek van die Here ontvang het. Ek was skielik bitter alleen in 'n allerverskriklike storm en het heeltemal vergeet dat ek in my nood na Iemand vir vertroosting en rus kon vlug.

Ek het by die venster gaan staan en my neus teen die glas gedruk, maar dit was yskoud en ek het dit weer weggeruk. Herinneringe het ongevraagd oor my gespoel. Ek wou so graag nog net een keer aan hom geraak het daar waar hy so stil op die hospitaalbed gelê het, maar ek was te bang dat sy wang al koud sou wees. Ek wou vir die dokter vra of sy liggaam nog warm was, maar ek kon nie praat nie, toe het ek maar net gekyk. Ek wou vir iemand vra: "Asseblief raak net aan my, dat die bewe binne in my kan ophou." Ek het nie. Ek het maar aangehou bewe.

Ek kon my gedagtes nie weer hokslaan nie. Dit het spoor gevat soos 'n jaghond, al op die ou paaie langs. Berou het aan my deur kom klop, maar ek wou nie oopmaak nie. Die dae na Daniël se dood

het iemand wat wou help, gesê: "Pasop, moet jou nou nie self verwyt wanneer jy begin terugdink aan julle lewe saam nie. Wat verby is, is verby, dit sal jou niks in die sak bring om jou nou te gaan sit en verknies oor iets wat jy verkeerd gedoen het nie. Dit gaan hom nie terugbring nie." Ek het myself aan hierdie woorde herhinner en so die berou van my lyf af probeer weghou, maar die storm het net erger geword. Halfhartig het ek my gedagtes probeer wegsleep waar dit vasgevang was, en liewers deur die venster gekyk. Mense het laggend verbygestap.

Niks daarbuite het verander nie. Die plante het op hulle ou plekke gestaan. Hulle was nie ontwortel nie. Die son het soos altyd geskyn, niks het sy middagglans verdof nie. Die voëltjies het lustig voortgesing. Daniël se dood het nie hulle kele toegedruk nie. Dis my lewe wat verander het, onherroeplik verander het.

Hy is dood! Dit was kompleet soos 'n koggelliedjie. Ek kon my nie teen die uitwerking van hierdie woorde beskerm nie. Dit het iets in my vasgevries en dan het matelose berou oor my gespoel. Met blote wilskrag het ek die trane in my vasgekeer, want ek was bang om te huil. Bang dat ek nie weer sal kan ophou nie. Vir dae lank het my hande gewerk, my mond gepraat, my voete geloop na waar ek behoort te wees, maar my hart het soos

'n stuk lood in my gehang. Ek het dom geword en my afgesonder met die storm wat in my voortgewoed het. Rondom my was daar baie wat graag wou help, maar ek was blind en doof. Dis asof ek vergeet het hoe om hulp te soek. Ek was so vasgedraai in myself en my smart dat ek nie eers my eie kinders kon help nie.

Soms het ek gevoel asof ek my vingers in my ore kon steek, net om van hierdie refrein in my binneste weg te kom. Ek kon nie, want dit was my eie gewete wat my gekasty het. Ek wou my tas pak en net ry en ry omdat die mure my vasgedruk het en die gekoggel na my teruggekaats het. Ek kon nie, want ek het verantwoordelikhede gehad om na te kom. Ek was vasgevang in 'n maalkolk, totaal oorrompel deur smartlike berou wat alle verskonings uit my gewurg het. Ek wou my gewete pamperlang en hom oortuig dat ek tog my bes probeer het om 'n goeie vrou te wees, maar dit het niks gehelp nie. Ek was skuldig. Maar ek moenie skuldig voel nie, want dis mos net 'n stadium waardeur elke weduwee gaan. Ek moet myself tyd gee, dis mos wat sommige weduwee raadgewers in hulle boeke sê. Ek was egter bang om vir myself tyd te gee. Bang dat die storm my sou verdelg en die donkerte my sou insluk. Hoe vertel ek my gewete om stil te bly? Hoe verlos ek hom van die las van dooie werke? Hoe hardloop ek van hom af

weg? Hoe versmoor ek hom dat hy nie langer meer kan praat nie? Ek het geen mag oor hom nie, hy luister nie na my nie. Hy hou net aan om my te koggel, dag en nag.

"Daniël is dood. Jy sal nooit weer vir hom iets kan doen nie. Jy het gedink dat jy nog baie jare het, nê? Maar nou is dit neusie verby. Jy het jou kans gehad."

In my nood en benoudheid het woorde van 'n broer tot my redding gekom. Ek het onthou dat die een wat vir my kom vertel het dat Daniël dood is, ook gesê het: "Hou jou oë op Jesus gevestig."

Ek het my oë van myself af losgeskeur en dit na Jesus opgehef. Van diep uit my hart het ek gepleit: "Asseblief Jesus, U wat weet hoe om storms stil te maak, wees my ook genadig en maak hierdie storm stil. Wys my asseblief die pad uit, dat ek nie so vasvries en tot niet gaan wanneer ek daaraan herinner word dat Daniël dood is nie."

Kort daarna toe die gedagte weer deur my flits: "Daniël is dood," het dit egter nie daar opgehou nie, dit het aangegaan, "maar Jesus leef ."

Daniël is dood, maar Jesus leef! Lig het weer in die donkerte geskyn. Sy dood het nie vir Jesus verander nie. Perspektief het na my toe teruggekeer en ek kon weer normaal dink. Ek het

begin huil en was nie meer so bang vir trane nie, want Jesus leef.

Die aand het ek so ingedagte my Bybel by 1 Korinthiers 13 oopgeslaan en gelees: "Ek wys julle nog 'n uitnemender weg".

Die berou wat ek so probeer onderdruk het, waarvan ek so graag wou weghardloop, het oor my gestroom. Daardie woorde het my deurpriem. So deur my trane het ek die hele gedeelte, elke sin, woord vir woord gelees. Die ware liefde het gekom en my lewe saam met Daniël beoordeel. Dit het nie meer saak gemaak dat die Woord my hart oopgevlek het nie. Ek was bly, want dit was die waarheid en die waarheid maak vry.

Ek het alles om my vergeet. Die Woord het in my ingesny soos swaard en my skuld openbaar. Die liefde is geduldig, maar ek was nie altyd geduldig nie! Wat van die kere dat hy met nat tuingrond aan sy voete opgewonde die huis ingestorm het om vir my te vertel dat die nuwe plant 'n blom uitstoot. Ek het sy vreugde misgekyk en gewonder of hy daaraan dink dat dit ek is wat weer die mat moet skoonmaak.

Die liefde is vriendelik, maar ek was dikwels nie vriendelik nie. Wat van die kere wanneer hy moeg van die werk af gekom het en my lip so lank was

oor ons ou motor wat al weer met my gaan staan het? My lip was so lank dat ek nie eers kon glimlag nie.

Die liefde is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie en is nie venvaand nie.

Ek is te skaam om op te noem hoe die Woord my afguns en verwaandheid oopgevlek het. Die liefde handel nie onwelvoeglik nie en soek nie sy eie belange nie. Hoe onwelvoeglik het ek nie soms opgetree in die soeke na my eie belange nie? Hoe klein was Daniël nie toe in my oë nie, en ek en my begeertes so groot soos Nebukadneser se goue beeld! Die liefde is nie liggeraak nie en hou nie boek van die kwaad nie, maar liggeraaktheid was so tuis by my soos 'n vlooi op 'n hond se rug. 'n Aaklige ontdekking was dat daar diep onder in my geheue 'n sorgvuldig opgetekende rekord van die kwaad wat my aangedoen is, gelê en broei het. Van die kwaad wat ek gedoen het, daarvan was nie 'n voorraadopname in my geheue nie, net in God se boeke en diep in my gewete.

Die liefde verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. Foute en tekortkominge, het ek dit bedek? Weet ek wat beteken dit om te bedek, en te glo en te hoop? Het ek alles verdra? My hart was soos 'n dief wat op

heterdaad betrap is, skuldig. Al my verskonings was aan flarde geruk en die bekende skuilplekke flenters geslaan. Ek het onthou dat Jeremia gesê het die hart bedriegliker is as enige iets anders. Een ding het ek geweet, hierdie bedrieglike hart van my was stukkend en gebroke.

In die toestand het ek na die Here gegaan en my hart voor Hom uitgestort. Elke woord,daad en gedagte wat so swaar op my gewete gedruk het, dit wat nie met die uitnemender weg ooreengestem het nie, het ek bely. Later het ek gebid:

"Vader, U het besluit om my 'n weduwee te maak en U maak nie foute nie. U het 'n plan daarmee in my lewe en die lewe van my kinders. Ek buig onder U hand en smeek U om my genadig te wees dat ek nie weer 'n mislukking van my lewe maak nie. Uself het my in hierdie nuwe en onbekende omstandighede geplaas. Ek moet nou by U leer hoe om 'n weduwee te wees. 'n Weduwee wat vir U behaag. Help my asseblief dat alles in my lewe wat U nie behaag het nie toe ek Daniël se vrou was, weggewas kan word deur Jesus se bloed, sodat ek nou as Daniël se weduwee, opreg en rein voor U kan wandel. Dat die verlede mee afgereken is en die verkeerde uit U boeke weggevee is."

Die volgende oggend terwyl ek reggemaak het om skool toe te gaan, het 'n gedagte by my opgekom.

Waarom word ons weduwees genoem? Wat is die betekenis van die woord weduwee. Ek het besef dat ek amper laat is, maar het gou die Young's konkordansie van die rak gegryp om die woord na te slaan.

Toe staan daar:
*widowhood, silence,almon*
*widow, silent one, almanah*

Terwyl ek skool toe gehaas het, het ek aan die betekenis gedink. *Silent one*.

Beteken dit dat die smart so diep is dat dit 'n mens stil maak? Ek dink ek het daardie dag by die skoolkinders verby geloop sonder om hulle te sien, want n vraag het my besig gehou. Het my weduweeskap my stilgemaak?

Dit was nie aan my tong waaraan ek gedink het nie, maar aan my hart. Ek het gewonder: As die Here na my kyk, is my hart stil voor Hom?

Kan hy van my sê: "Sy is die stil een."

Of sê Hy:"Ek het weduweeskap oor haar gebring om haar hart stil te maak."

Ek het daar by die skool besef dat my hart nog stilgemaak moet word. Daar moet nog met hom afgereken word. My tong kan miskien stil wees,

maar nie my hart nie. Ek het nie eers gewag totdat ek weer in my kamer terug was nie. Net daar by my werkplekkie in die personeelkamer het ek tot die Here gekeer en gebid:

"Here, ek lewer my hart aan U uit. Stil is hy nie, maar deur U genade sal hy stilgemaak word. As daar nog meer vlamme en hitte nodig is om hom tot rus te bring voor U, laat my dan asseblief nooit vergeet dat dit U is wat met my hart besig is nie. Laat ek asseblief altyd onthou dat U die hart van my veilig in U hand vashou en dat die vlamme eers U hand bereik voordat dit by my hart uitkom. U laat dit nie aan 'n toutjie oor die vuur hang nie, dis veilig toegevou in U eie hand. Versterk asseblief my geloof dat ek kan weet U sal my in die vuur van reiniging hou net totdat ek so sag soos klei in U hand is. Dan sal U my kan vorm na U hand en na U smaak."

Elke woord van die gebed het ek bedoel. 'n Diep verlange om die Here in my weduweeskap te behaag, het van my hart besit geneem.

In die tyd het my jongste dogter baie siek geword. Die dokter het haar gereeld tuis kom besoek. Sy wou nie hê dat ek van haar af moes weggaan nie. Selfs in die nag moes ek vir haar sing, of lees of net haar hand vashou. Sy het my gevra om weer al die stories te vertel wat ek altyd vir hulle vertel het toe

hulle nog kleiner was. Sy wou net my stem hoor, want haar pa se dood was nog vars in haar geheue en sy was bang. Wanneer sy slaap, het ek op my bed gaan lê en ingesluimer. Dan het sy weer met 'n ruk wakker geskrik en benoud na my geroep. Na drie lange nagte het my kragte ingegee en ek kon nie meer verder nie. Ek was alleen en die pyn van hierdie alleenheid wou my verwurg. Ek het nie eers woorde gevind om te bid nie. Toe sy weer slaap, het ek by my skryftafel gaan sit en in my dagboek geskryf: "Here, U sê dat almal wat vermoeid en belas is, na U toe kan kom en U sal vir hom rus gee. Hier is ek, Here, ek is vermoeid en belas en het geen krag meer nie. Asseblief help my!"

Die hulp was onmiddellik! Soos in 'n helder lig het ek gesien en verstaan. Hierdie omstandighede kom uit die hand van die Here. Dit het geen mag om my te vernietig nie. Pyn word gestuur om my te reinig, nie om my te vernietig nie. Wanneer ek onder die Here se hand buig, kan pyn my geen skade berokken nie.

'n Vreugde het my hart gevul. Nuwe moed en krag het my versterk. Op die lyntjie reg onder daardie gebed het ek verder in my dagboek geskryf: "Kom pyn, kom doen jou werk in my hart en doen dit deeglik. Jy kan my nie vernietig nie, al voel dit soms so. Jy is net 'n werktuig in my Vader se hand. Sy

liefdevolle hand gebruik jou net om my te reinig."

Hoe meer ek die Here se werking in my lewe ervaar het, hoe dieper het my verlange geword om 'n weduwee te wees wie se hart deur die Here stilgernaak is. Met blydskap het ek besef dat daar in die Bybel so baie weduwees is van wie ek kan leer. Ek kon skaars wag vir 'n tydjie om die Bybel op te neem en na weduwees te soek wie se harte voor God stil was.

# LOOP! LOS MY UIT!

Die eerste weduwee met wie ek toe wel deeglik kennis gemaak het, het my viervoet in my spore laat vassteek met my hart in my hande! Ek het geskok die Skrifgedeelte gelees. Na 'n uur of so het ek dit weer gelees. Voordat ek gaan slaap het, het ek dit weer gelees. Toe ek wakker geword het, het ek die Bybel maar weer daar oopgeslaan. Dit was werklik die eerste keer in my ganse lewe dat ek hierdie vers raakgelees het.

In die tweede boek van Samuel, hoofstuk 21 vers 10 staan daar geskrywe:

"Rispa, dogter van Aja, het toe rouklere gevat en dit vir haar op die rots oopgegooi. Van die begin van die oestyd af totdat die reëntyd aangebreek het, het sy bedags die roofvoëls en snags die roofdiere nie aan die lyke laat vreet nie."

Dink net! 'n Ma wat uit vrye wil gekies het om dag en nag by die lyke van haar seuns te waak! Lyke wat na elke dag se somerson erger moes gelyk en geruik het. Dink net!

'n Ma wat al haar energie gebruik het om bedags aasvoëls te verwilder en snags roofdiere wat deur die stank aangelok is.

Hoekom het sy nie liewers daardie energie gebruik om die lyke met klippe toe te pak nie? Of waarom het sy nie maar daar onder in haar huis gebly nie? Waarom het sy tog so vreemd opgetree?

"OPSTAND! OPSTAND! OPSTAND!" Dit was die woord wat soos 'n neonlig deur my geflits het.

Hierdie Rispa was 'n weduwee. Miskien nie 'n regte egte weduwee nie, maar ‘n byvrou weduwee. Sy was die byvrou van koning Saul. Toe hy nou al jare lank dood en Dawid koning was, het 'n kwaai droogte oor die land Israel gekom. Vir drie jaar lank was daar hongersnood en Dawid het gegaan om die Here te raadpleeg. Hy wou weet wat dan verkeerd was en waarom die Here nie reën gestuur het nie.

"Dis te wyte aan Saul en sy moordenaarshuis, want hy het van die Gibeoniete laat dood maak," het die Here vir Dawid gesê.

Dawid het onthou van die verbond wat Joshua met

die Gibeoniete gemaak het toe hulle so bang was dat die Israeliete hulle ook sal uitroei soos al die ander volke in die land Kanaän. Toe het hulle vir Joshua bedrieg en gemaak asof hulle van 'n ver land af kom. Om dit te bevestig was hulle klere, saalsakke, wynsakke en skoene verslete en gelap. Hulle padkos was droog en verkrummel. Joshua het hulle geglo en 'n verdrag gesluit. Al die tyd het hulle net langs Joshua se kamp gebly! Maar Joshua het die verdrag in die Naam van die Here gesluit en al die Israeliete en hulle nageslag was verplig om in vrede met die Gibeoniete te woon. Saul het egter teen die verdrag ingegaan en eendag teen die Gibeoniete opgetrek en baie doodgemaak. Omdat die Here die afrekening so lank uitgestel het, kon die Israeliete maklik gedink het dat die Here van die verbond vergeet het. Die Here het egter nie vergeet nie. Hy het jare later Israel met droogte en hongersnood besoek.

Dawid het onmiddellik opgetree. Hy het die Gibeoniete laat roep en gevra wat hy moet doen om hulle te vergoed vir die misdaad wat Saul gepleeg het. Hulle wou nie silwer of goud hê nie. Net sewe mans uit die huis van Saul. Die Saul wat hulle wou verdelg sodat hulle nie meer in die grondgebied van Israel kon bly nie.

Dis nou waar Rispa haar verskyning in die storie

maak. Koning Dawid het haar twee seuns, Armoni en Mefiboset, gevat wat sy by Saul gehad het en ook vyf kleinseuns van Saul wat Merab, sy dogter, gehad het. Die sewetal is voor die Here op die berg opgehang teen die tyd wat daar gewoonlik met die gars-oes begin is.

In my verbeelding kon ek Rispa sien waar sy die laksmanne op 'n afstand gevolg het. Sy het haarself in 'n roukleed toegewikkel en het moeite gehad om nie hardop uit te skree Sy moes toesien hoedat die vloek van die Here voltrek word. Ek dink dat die opstand in haar hart na alle kante toe wou uitpeul. Opstand teenoor die Here omdat Hy toegelaat het dat haar kinders gestraf word vir iets wat hulle nie gedoen het nie. Opstand teenoor koning Dawid omdat hy haar kinders uit die baie nasate van Saul gevat het. Opstand oor die pyn en vernedering wat sy moes deurgaan, terwyl ander skotvry daarvan afgekom het. Opstand omdat die seuns aan wie sy haar hart opgehang het, haar trots, haar verbinding met koninklike bloed, leweloos aan 'n galgtou geswaai het. Opstand oor haar lot, oor die onbekendheid van haar toekoms. Opstand wat haar gedryf het om dag en nag oor lyke te waak wat nie eers vir haar kon bedank nie. Lyke wat nie die stank van die dood kon terughou nie. Sy met haar opstand kon ook nie die wet van die natuur verander nie. 'n Lyk se

ontbinding kan nie deur menslike gevoelens teruggehou word nie. Was dit opstand wat haar gedryf het om elke more weer in die grusame gesig daar aan die galgtoue vas te kyk?

Hierdie Rispa het my verbeelding en gedagtes vasgegryp. My hart het 'n bietjie begin krummel. Opstand lê mos vir elke weduwee en loer en wil ons so graag in sy mag kry. Vir my was dit so duidelik soos daglig dat 'n hart vol opstand nooit voor God stil kan wees nie. En my soeke is na 'n stilgemaakte hart! Dus het ek my tot die Woord van God gewend om te sien hoe opstand in die lig van die Here lyk en wat Hy daaroor dink.

In Psalm 68:7 het ek gelees:

> "....wie teen God in opstand is,
> woon in 'n kaal woestyn."

Jesaja 63:10:

> "Maar hulle het in opstand gekom en sy Heilige Gees bedroef, daarom het die Here vir hulle 'n vyand geword en Hyself het teen hulle geveg."

Psalm 107:10 - 15:

> "Party het in die donker gesit, in diep duisternis, hulle was gevangenes in ellende en boeie, want hulle het hulle verset teen die

> bevele van God, hulle het die leiding van die Allerhoogste in die wind geslaan. Hy het hulle laat knak onder hulle swaarkry, hulle het inmekaargesak en niemand het gehelp nie."

'n Kaal woestyn, dor, bar, sonder lewe, niks om te gee nie. So is 'n hart vol opstand. Hoe verskriklik! 'n Vyand van God teen wie Hy veg. Hoe angswekkend! Watter weduwee kan dit bekostig?

'n Geboeide, vasgeketting in diep duisternis en donkerte. Wat 'n ontsetting! Die skrik het in my gegroei. Die Woord van God het verder gegaan, nog dieper gesny:

"Weerspannigheid is net so erg as die sonde van waarsêery, eiesinnigheid net so erg as die bedrog van afgodery."

Die byvrou-weduwee se optrede het my laat skrik, 'n bewing in my binneste laat ontstaan. Ek vrees daardie kaal woestyn en vyandskap met God. In my weduweeskap het ek Sy nabyheid en vertroosting meer nodig as ooit tevore. Die Woord het vir my so lewend geword dat ek sommer lus gekry het om die Rispa te gaan besoek.

"Rispa, ek wil jou begroet met woorde uit die outyd waarin jy geleef het: Kan jy vir God wat regverdig en magtig is, skuldig vind? God doen nie verkeerd

nie. Die Almagtige begaan nie 'n onreg nie. Dit is vir God onmoontlik om verkeerd te doen, vir die Almagtige om die reg te verdraai."

"Regverdig! Is daar enige regverdigheid in die feit dat my kinders gekies is om die toornafleiers te wees? Wat het hulle gedoen? Hulle enigste fout was dat die bloed van hulle pa in hulle are gevloei het. Kon hulle dit verhelp? Is dit regverdigheid? Kon God nie iets anders gedoen het om die saak tussen die Gibeoniete en Israel reg te stel nie? Is Hy dan nie die Almagtige nie?"

Sy spring gou eers op om 'n aasvoël 'n verpletterende hou met 'n klip te gooi, terwyl sy hees agter hom aanskreeu:

"Jy is mos gestuur om Armoni en Mefiboset se oë uit te pik, nê. Om hulle vleis af te skeur, nê! Maar jy sal nie! Jy sal nie! Hoor jy vir my, jou kaalnek gedoente! Jy sal nie 'n proeseltjie van hulle kry nie. Oor my dooie liggaam! Vir jou en jou gespuis verskeur ek met my kaal hande."

Sy kom bondel haarself weer op die roukleed, moeg en afgemat. Ek voel jammer vir die vrou.

"Rispa, wat probeer jy nou eintlik doen? Wil jy vir God wys dat Hy sy vloek nie volkome kan voltrek nie? Wil jy hê dat Hy berou moet toon oor wat Hy

toegelaat het om te gebeur? Moet Hy jou op so 'n manier jammer kry dat Hy jou kinders lewend aan jou sal teruggee? Wil jy deur jou optrede vir God wat regverdig is, skuldig bewys? Wil jy hê dat Hy op sy Woord moet teruggaan?

Het Hy dan nie gesê dat Hy die misdaad van die vaders besoek aan die kinders wat Hom haat nie? Hoekom gaan jy nie liewers huis toe nie, jy vernietig net jouself deur hierdie aaklige opstand."

Dit is kompleet asof die veiligheidsklep van 'n drukkoker die lug inskiet en 'n straal sissende stoom ontsnap.

"Wat weet jy miskien van my smart! Jy kan maklik praat, dis nie jou seuns nie. Bid jou aan, om weer reën op die land te kry, moes my seuns doodgemaak word. En waar is die Israeliete nou? Wie gee vir my om? Het iemand hom al oor my hier in my smart ontferm? Het iemand my al kom help om roofvoëls en diere te verwilder? Of net vir my 'n kruik water gebring?"

Soos blits tol sy weer van die rots af en gryp so in die hardloop 'n paar klippe, want drie aasvoëls hop krakend nader aan die lyke. Hulle moet maar die aftog blaas. Terwyl sy nog klippe vir verdere ammunisie opstapel, baklei sy met my oor haar skouer.

"Toe, sê vir my, waar is my sogenaamde vriende nou?"

"Miskien is hulle besig om die skamele droogtetyd oesie in te samel. Jy kan altvd saam met hulle gaan oes. Dit sal 'n salwing wees vir die rou smart van jou hart, Rispa."

"Jy is hardvogtig en ongevoelig! Hoe kan ek wie se kinders hier opgehang is, daar onder gaan deelneem aan gemeenskaplike, alledaagse werk! Hoe kan jy dit van my verwag? As mense regtig omgee, sal hulle na my toe kom."

"Rispa, ek sê ook eers totsiens. Ek loop nou. Die stank van die dood wat hier hang, verdryf my. Maar hoekom kom jy nie saam met my nie. Ek ken Iemand wat jou sal help om van die opstand ontslae te raak. Hy is gedurig besig om vir my en jou uit te nooi met die woorde: `Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak. Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol.”

"Loop! Los my uit! Ek sal alleen regkom. Hier bly ek totdat die koning my kinders se lyke begrawe."

Dit was nou Rispa en my verbeelding, maar ek het besef dat opstand 'n vernietigende krag het. Dit versprei onwelriekende walms en hul 'n mens

in die reuk van dood. Dit dryf mense weg en laat jou binne in jou hart en buite in 'n kaal woestyn woon. Sonder God en sonder vriende. Ek het my hart na die Here gebring dat Hy my kan wys of daar dalk selfs net 'n greinijie opstand is omdat Hy my weduwee gemaak het en ek alleen met die kinders moes agterbly. Sonder enige twyfel het ek geweet dat opstand my siel sal vernietig en my in duisternis sal vasketting.

Ek is bewus daarvan dat sommige raadgewers so maklik vir ons weduwees kan sê: "Gee uiting aan jou opstand. Wees maar kwaad vir die Here. Dit is heeltemal normaal en as jy dit onderdruk, gaan jou routyd nie reg verloop nie en jy gaan skade ly." Ek het my voorgeneem dat ek so 'n raadgewer dadelik na Rispa toe sal neem, dat hy of sy die stank van opstand kan ruik en die Godverlatenheid van opstand kan sien.

Liewe leser, daar is net een pad uit hierdie gruwelike opstand en dit is om jouself te bekeer daarvan. Nie more nie, maar sommer nou, sodat jy die vertroosting van die Here kan ken. 'n Opstandige hart kan nie vertroos word nie.

# EK VERSTAAN NIE

My aande het so mooi geword. Ek kon nie wag dat die dagtaak afgehandel is nie, sodat ek verder die lewensverhale van weduwees uit die Bybel kon gaan lees. In die konkordansie het ek 'n hele lysie van weduwees gevind. My doel was mos om te kyk wie van hulle 'n stilgemaakte hart gehad het, omdat ek wou leer hoe om die gesogte hart te bekom. Die Here het hierdie soeke van my gebruik om my diep en waardevolle lesse te leer. Ook het Hy sy Woord gebruik om my hart binne te dring en te openbaar wat daar opgestapel en weggesteek gelê het. 'n Menigte ongeregtighede, valse opvattinge oor Sy handelinge met die mens en leuens wat ek geglo het.

Naomi. Wat 'n weduwee! Die Bybelboek Rut is alom bekend. Ek het die hele storie herhaalde kere gelees en die mooi verhoudinge tussen die mense

het my opnuut getref. Dis eintlik 'n verhaal van drie weduwees. Orpa, die een jong weduwee wat gekies het om na haar mense en hulle gode toe terug te gaan. Rut, die ander jong weduwee, wat gekies het om die lewende God te dien. Oor hulle twee en hulle keuses kan 'n mens boekdele skryf. Ek wil egter een aspek van Naomi se lewe wat vir my besonders lewend geword het, uitlig. In Rut 1: 19 - 21 staan dit so opgeteken:

"Hulle twee (Naomi en Rut) is toe saam na Bethlehem toe. Met hulle aankoms in Betlehem was daar groot opgewondenheid in die stad, en die vrouens het gesê: 'Maar dis mos Naomi!' Hierop het Naomi vir hulle gesê: `Moet my asseblief nie meer Naomi noem nie, noem my Mara, want die Almagtige het die lewe vir my baie bitter gemaak. My lewe was vol toe ek hier weg is, maar die Here het my leeg laat terugkom. Waarom noem julle my nog Naomi? Die Here het dan teen my gedraai, die Almagtige het 'n ramp oor my gebring."

Naomi was 'n weduwee wat nie verstaan het nie. Sy het God se handeling met haar nie begryp nie en kon dit nie verklaar nie. Hoeveel male sonder tal hoor 'n mens iemand sê: "Maar ek kan nie verstaan waarom die Here dit toegelaat het nie. Ek het dan so by Hom gepleit om nie my man weg te vat nie. Waarom juis nou, nou dat ons nuut begin

het en daar 'n toekoms voorgelê het."

"Ek kan nie verstaan nie!" Maak dit regtig saak of 'n mens verstaan of nie? Sê die Here dan nie in Sy woord vir ons dat Sy gedagtes ver bo ons s'n verhewe is nie? En dat Sy weë nie ons weë is nie?

Na meer as tien jaar het Naomi weer in haar tuisdorp, Betlehem, aangekom. Daar was groot opgewondenheid. Ek kan my voorstel hoe die blye nuus van huis tot huis versprei het. Hoe 'n klomp laggende, vrolike vrouens haar tegemoet gegaan het. Tien jaar! Hulle het haar nie vergeet nie en was bly om haar te sien. Dit bevestig die vermoede dat Naomi 'n besonderse mens moes gewees het. Ook haar skoondogters was lief vir haar, die een was selfs bereid om haar lewe vir Naomi te gee. Dink net aan daardie onsterflike woorde van Rut: "Moet my tog nie dwing orn van u af weg te gaan en om te draai nie, want waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God; waar u sterf, sal ek sterf en daar sal ek begrawe word. Ek lê 'n eed af voor die Here: net die dood sal ons skei."

Hoe mooi moes Naomi se innerlike lewe gewees het, hoe mooi haar woorde en dade om sulke woorde van 'n skoondogter te ontlok. En wat 'n kosbare vrou moes die jong weduwee, Rut, nie gewees het nie. Wat 'n lieflike getuienis van 'n gesonde en oop

verhouding tussen ma en skoondogter!

Naomi is terug in Betlehem! Dis kompleet asof Naomi koue water oor die vreugde van haar tuisdorp gegooi het. Omdat sy nie verstaan het nie, het sy op 'n manier oor die Here gepraat wat wys dat haar hart nie voor God stil was nie. Niemand sal ontken dat dit voorwaar 'n bitter ondervinding was wat hierdie goeie vrou moes deurmaak nie. Omdat sy geen rede daarvoor kon sien nie, het sy aangeneem dat die Here teen haar gedraai het . Haar hart was so vol van haar eie verlies. Miskien was dit vir haar 'n vernedering om so alleen terug te kom. Miskien het sy gedink dat haar lewe die stempel dra van iemand wat die seën van die Here verloor het. Sy het nie geskroom om haar eie smart, verlies en bitterheid so teen die dorp se vreugdegroet vas te gooi nie.

"Die Almagtige het die lewe vir my baie bitter gemaak. Die Here het my leeg na julle toe laat terugkeer. My man is dood. Maglon en Giljon wat hier tussen julle grootgeword het, is dood. Daar is nie eers 'n kleinkind nie, want die Here het teen my gedraai. Die Almagtige het 'n ramp oor my gebring. Noem my nou Mara, die een wie se lewe bitter geword het."

Naomi het nie verstaan dat die smart wat haar getref het, haar 'n werktuig in die hand van die

Here gemaak het nie. Sy was besig met haar bitter verlies, maar die Here was besig om Sy verlossingsplan vir Sy volk uit te werk. Sy was die een wat vir Rut na Betlehem gebring het. Hierdie heidense, Moabitiese weduwee wat gekies het om Naomi se God te dien, is deur Hom uitverkies om opgeneem te word in die geslagsregister van die Seun van Dawid. Rut het daar in Betlehem die vrou van Boas geword. Boas en Rut het die ouers van Obed geword en Obed was die vader van Isai en Isai was die vader van Dawid.

Eeue later was Betlehem nog altyd bekend as die stad van Dawid. Daar moes Josef, 'n afstammeling van Dawid, homself en sy vrou, Maria, gaan registreer sodat die Skrif vervul kon word. Wat die profete voorspel het, die plan waarmee God besig was, het in vervulling gegaan toe Jesus daar in 'n stal in Betlehem gebore is.

Die Here God was besig met Sy plan om die Messias na die wêreld te stuur en Naomi het 'n rol daarin gespeel. Omdat sy egter nie verstaan het nie, het sy God beskuldig dat Hy haar lewe bitter gemaak het.

Is dit nie ook vandag vir my en jou een van die grootste gevare nie? Omdat 'n mens nie verstaan nie, word God van vreeslike dinge beskuldig. Omdat jy nie verstaan nie, dink jy miskien dat jy die reg het

om opstandig te wees. Dat jy die reg het om jouself te bejammer. Dat jy die reg het om nie te buig onder die hand van die Here nie. So asof 'n weduwee van die Here 'n verduideliking vir Sy optrede mag eis. Maar so 'n gesindheid bring nie lewe nie, dit draai jou net verder in die maalkolk van opstand vas.

Woorde wat vir my so soet en vertroostend was toe ek weduwee geword het, was dat alles ten goede meewerk vir die wat die Here liefhet, vir die wat glo. Nie vir die wat verstaan nie, maar wat liefhet. Vir die wat glo in die goedheid, genade en liefde van God, die Een wat tot in alle ewigheid nie 'n fout kan maak nie.

Die Here het besluit om in te gryp en my lewensituasie drasties te verander. Die versoeking is daar om te kla dat dit bitter is. Dis moeilik, dis vreemd en alleen. Maar ek het besef dat daar duisende ander vrouens is wat in dieselfde bootjie as ek is.

En elkeen van ons word voor 'n keuse gestel. Ons kan of glo, of wegdraai in ongeloof. Die Bybel sê vir ons: "Wanneer ons getug word, lyk die tug op daardie oomblik nie na iets om oor bly te wees nie, maar om oor te huil. Later lewer dit egter vir die wat daardeur gevorm is, 'n goeie vrug; vrede omdat hulle gehoorsaam is aan die wil van God."

Ek het my voorgeneem, dat in plaas daarvan om vas te haak by die feit dat ek nie verstaan waarom die Here so in my lewe ingegryp het nie, ek liewer gaan toelaat dat die pyn en hartseer van hierdie ingryping, my lewe vorm. Die Here sê tog dat Hy ons tot ons beswil tug sodat ons in Sy heiligheid mag deel. Soos 'n blom het begrip in my hart oopgevou. Ek het skielik verstaan dat die Here so in my lewe ingegryp het omdat Hy oor my siel besorg is en omdat dit 'n manier is om my na Hom toe te trek. Dit het vir my duidelik geword dat die Here weduweeskap oor my gebring het omdat Hy besig is met Sy plan vir my lewe. Weduweeskap is die wil van God vir my lewe. Die verlossingsplan waarin Naomi 'n rol gespeel het, daardie Verlosser wat in Betlehem, die dorp van Naomi gebore is, is ook in my hart gebore. Kan die Here dan nie met my lewe maak wat Hom behaag nie? As dit smart is wat nodig is om Sy plan uit te voer, waarom sal ek dan kla? As dit nog meer smart is en nog meer pyn, waarom sal ek murmureer? Staan my Verlosser dan nie bekend *as* die Man van smarte nie? Het Hy dit dan nie alles aan die kruis vir my gedra nie?

As weduwee buig ek vandag onder die Here se hand en laat toe dat die pyn en hartseer wat oor my gekom het, my lewe reinig en suiwer. Wil u nie ook saam met my buig nie, liewe weduwee wat lees?

Dan kan ons in hierdie moeilike tyd waarin ons leef die lied van die weduwee sing. Deur ons opregte en vreugdevolle lewens kan ons dan uitjubel dat ons Verlosser leef en dat Hy ons smart vir ons dra. Hy het 'n plan en Sy plan is sonder foute en tekortkominge.

Naomi het nie verstaan nie en sy het gedink dat die Here teen haar gedraai het, dat Hy haar lewe bitter gemaak het. Al verstaan ek nie, Jesus Christus verstaan. Naomi het 'n rol gespeel waarvan sy nie bewus was nie, maar God was daarvan bewus. Hy het geweet waarom alles in Naomi se lewe gebeur het. Dis mos genoeg dat Hy weet. Dis mos al wat nodig is. Nie waar nie, liewe weduwee?

# WIE KAN VIR MY RAAD GEE?

In 2 Konings 4:1 - 7 het ek 'n baie bekommerde en benoude weduwee raakgeloop, tog was sy ook baie wys. Deur haar optrede eeue gelede kon die Here, in my omstandighede vandag, ernstig met my praat:

“’n Vrou van 'n profeet het haar nood by Elisa kom kla: 'My man is dood. U weet self dat hy die Here gedien het. Nou het die skuldeiser gekom om my twee seuns te vat en hulle sy slawe te maak.'

Elisa het vir haar gesê: 'Ek sal jou help. Sê vir my, wat het jy in jou huis?' Sy het geantwoord: `Ek het niks in die huis nie, behalwe 'n erdekannetjie olie'.

'Gaan leen nou by al jou bure leë kruike en sorg dat jy nie te min leen nie. Dan gaan jy in jou huis in, maak die deur agter jou en jou seuns toe, en gooi elkeen van hierdie kruike vol olie. Soos elkeen vol

word, moet jy hom wegpak.'

Sy is van hom af weg. Sy het die deur agter haar en haar seuns toegemaak. Soos hulle die kruike na haar toe aangedra het, het sy hulle volgemaak. Toe die kruike vol was, sê sy vir een van haar seuns: 'Bring vir my nog 'n kruik'.

Maar hy het gesê: `Daar is nie meer 'n kruik oor nie'. Toe het daar nie meer olie uit die kannetjie gekom nie. Sy het by die man van God aangekom en dit vir hom vertel. Hy het gesê: `Gaan verkoop die olie en betaal jou skuld. Jy en jou seuns kan dan leef van wat oorbly.' ”

My man is dood! Dit was die kreet van hierdie weduwee se hart en dis seer sekerlik vandag ook die uitroep van baie weduwees.

So asof die woorde wil sê: "Help my, asseblief, want die muur om my is weg. Ek voel so weerloos en kwesbaar. Ek weet nie herwaarts of derwaarts nie. My steunpilaar is weg. Die een agter wie ek altyd geskuil het, is nie meer daar nie. Die een wat verantwoordelikheid geneem het vir die voorsiening van ons daaglikse behoeftes, is deur die Here weggeneem. Nou staan die skuldeiser en ruk aan die deur, hy wil my seuns sy slawe maak en ek weet nie-wat om te doen nie. Omstandighede dreig om my te oorweldig en ek is magteloos om dit

te keer. Wat moet ek doen!"

Haar nood het Elisa se hart aangegryp. Hy was dadelik bereid om te help. So 'n ware uitbeelding van die Here se hart wanneer ons ons nood voor Hom uitstort. "Sê my, wat het jy in jou huis", het die een wat wou help, gevra. Hy raak hier baie persoonlik. Wat 'n mens in jou huis het, sien jy mos gewoonlik as jou eie privaatsake! Soos die man wat sy werk verloor het, later was daar nie meer geld om kos te koop nie, maar hy het sy vrou en kinders verbied om daaroor te praat. Sy een dogtertjie het by die skool flou geword en die besorgde skoolhoof vind toe by die kindjie uit dat sy twee dae laas iets geëet het, want haar pa het nie werk nie. Toe eers is hulp verleen.

Die vrou se nood was so groot dat sy nie eers daarvan bewus was dat die man van God 'n baie persoonlike vraag gevra het nie. Sy het met diep verligting die werklike toestand van haar armoede geopenbaar. "Ek het niks in die huis nie behalwe 'n erdekannetjie olie."

Ek het vir myself 'n vraag gevra: As jy na die Here keer en om hulp smeek, is jy bereid om soos hierdie vrou, die ware toestand van jou hart te openbaar? Kan jy sê: "Ek het niks. Ek het gedink ek het geloof, maar nou dat 'n ramp my getref het, vind ek net opstand teenoor die Here in my hart.

Ek het gedink ek het rus en vrede, maar nou dat die branders van vertwyfeling oor my slaan, is daar geen rus nie, net slapelose nagte en 'n voortdurende ontevredenheid. Ek het gedink dat ek liefde het, maar nou dwaal wrokke in my rond en is dit onmoontlik om ander te vergewe. Is jou nood so groot dat jy persoonlik kan raak? Of is dit dalk makliker om liewers te gaan raad vra by iemand wat nie persoonlik raak nie, iemand wat nie omgee as alles in die hart bedek bly nie?

Die wyse weduwee het geweet waar om raad te gaan vra. Nie by 'n buurvrou wat oppervlakkig leef en net belangstel omdat dit weer 'n brokkie nuus is om aan die ander te vertel nie. Nie by haar skuldeiser nie... sy is na 'n profeet wat in kontak was met die lewende God, die Vader van weduwees en wese, die enigste Een wat kon help. Sy wou hulp hê en haar nood het haar uitgedryf na die regte plek. Haar nood het dit ook maklik gemaak om oor privaatsake te praat.

Hoe wonderlik! Sy het raad en hulp ontvang. Sy moes terugkeer na die huis waar daar niks was nie en by daardie erdekannetjie olie begin. Weereens was dit die diep, allesoorheersende nood in haar hart wat haar gehelp het om raad aan te neem. Sy het nie met Elisa begin redeneer nie, sy het nie vir hom vraag op vraag gevra nie. Sy het nie vir 'n

oomblik gedink dat hy haar vir die gek hou nie of dat sy raad teen haar logika indruis nie. Nee, sy het met dankbaarheid teruggegaan en die profeet se opdrag uitgevoer.

Sjoe, dit kos iets om na 'n huis toe te gaan waar daar niks is nie. Net die verskrikking dat sy haar seuns gaan verloor. Dat hulle as slawe verkoop gaan word. As 'n mens se nood egter so diep is dat dit geen plek vir ongeloof laat nie, so diep dat dit trots en hoogmoed verdryf, dat dit selfs redenasies wegvee, dan bring dit net verligting om te doen wat die Here verlang. Verligting en lewe, soos vir hierdie vrou.

Toe ek self weduwee geword het, was daar so 'n erdekannetjie olie in my geloofslewe. Baie dinge is weggevee en die niks in my lewe het lê en flikker soos 'n weggegooide konfytblik. Maar die erdekannetjie het olie ingehad, daardie wonderlike waarheid en belofte: "Die Here maak nie 'n fout nie. Deur al die eeue heen het Hy nog nie een enkele keer gefouteer nie en tot in alle ewigheid sal Hy nooit 'n fout maak nie."

Ek is ook na 'n man van God, soos die weduwee in ons verhaal, en het my hart uitgestort: "My man is dood! En die skuldeiser staan en ruk aan my deur. Wat moet ek doen! Hierdie skuldeiser besoek my dag en nag, ek het geen rus nie. Hy lê my voor om

elke hoek en draai en hy eis sy betaling. Asseblief help my! Ek wil wegkruip, maar ek kan hom nie ontvlug nie. Hy is altyd daar en fluister my gedurig toe: "Jou man het volkome en algehele aanvaarding van jou gevra, maar jy wou hom mos altyd verander. Die manier waarop hy geëet het, gelees het, dinge gedoen het, was mos nooit na jou smaak nie. Twintig jaar lank was jy soos 'n blok aan sy been. Hy wou so graag maar net homself wees. Nou's hy dood en wanneer gaan jy vir hom die vrou wees wat hom bystaan en ondersteun? En jou kinders, wat het jy vir hulle deur jou voorbeeld geleer? Hoe om hardkoppig te wees, hoe om hulle eie wil te soek en hulself te plesier? Maai dan nou wat jy gesaai het."

Ek het gesmeek: "Asseblief help my om weg te kom van hierdie genadelose skuldeiser. Ek is eintlik klaar sy slaaf. Wanneer hy praat, krimp ek inmekaar, maar ek is magteloos. Ek doen wat hy wil hê en glo wat hy sê."

Die man van God het my herinner aan wat die Here gesê het: "Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak. Al was jy skarlakenrooi van sonde, jy sal wit word soos sneeu. Al was jy purperrooi, jy sal wit word soos wol."

Soos hierdie vrou in die Bybel het ek ook huis toe gegaan en die deur agter my en my kinders

toegemaak. Wat die Here vir ons wou doen was nie op daardie oomblik iets vir ander oë bedoel nie. Nie iets om in die buurt oor te praat nie. Nie iets waar ander kon toekyk en my beinvloed om die kruik liewers hoog te hou dat almal kan sien hoe die olie inloop nie, of om die kruik op die rand van die leë een te laat rus nie sodat geen druppeltjie uitspat nie. Nee, die deur was toe en die Here is nog altyd besig om sy wonderwerk te voltooi.

Die profeet het ook vir die vrou gesê dat sy nie te min kruike moet leen nie. Die Here wou vir haar oorvloediglik gee, sodat sy haar skuld kon betaal en nog genoeg kon oorhê om van te lewe. So ook vir my as weduwee in die tyd waarin ons leef. Ek het die een belofte van die Here na die ander in kruike in my hart weggebêre. Die wonderlikste een van hulle almal is dat Jesus Christus sy eie lewe aan die Kruis opgeoffer het. Hy het my skuld klaar gedra en betaal, die skuldbrief teen my het Hy aan die kruis vasgespyker. Al my sonde, verkeerde dade en slegte voorbeelde is ook uitgevee uit die boeke en die geheue van God. Hy, die Vader van die weduwee en die Vader van die kinders wat ek grootgemaak het.

Soos die weduwee in nood, is ek ook terug na die man van God om te gaan vertel wat die Here vir ons gedoen het.

Ook om raad te vra. Wat moet ek nou met die olie maak? Ek het by hom geleer hoe om die olie van God se genade en vergiffenis te neem en na diegene toe te gaan wat ek verontreg en te na gekom het om ook vir hulle om vergifnis te vra. Dit het ek gedoen. Nou kan ek ook, so te sê, die olie gaan verkoop. Ek kan oor die verlossing praat, want my geestelike armoede is gebreek. Die skuldeiser kan my nie meer rondjaag nie. Hy kan my nie meer beveel om voor hom te kruip nie. Hy kan nie meer die las van die verlede op my skouers kom lê nie, want die Here weet van alles. Ek het alles voor Hom bely. Hy het die las weggeneem, my vergewe en my verseker dat Hy die skuld klaar betaal het.

My hart is nou vol. Daar is genoeg vir my om van te lewe. My man is dood, ja, maar Jesus Christus leef! En Hy het my verlos van my skuldeiser sodat ek nie 'n slaaf van die verlede hoef te wees nie.

# ASSEBLIEF BEHARTIG MY SAAK

Die Woord van God en gebed het meer en meer my heenkome geword. Ek het begin ervaar dat 'n dieper besef van die Here se barmhartigheid in my gegroei het en dat ek my geestelike nood en my tekortkominge dieper leer ken het. In Lukas 18 vanaf vers 1 - 8 het ek toe die verhaal van 'n merkwaardige weduwee raakgeloop. Dis 'n gelykenis wat deur Jesus vertel is.

"Jesus het vir hulle 'n gelykenis vertel om duidelik te maak dat 'n mens altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word. Hy het gesê: `In 'n sekere stad was daar 'n regter wat geen eerbied vir God of agting vir 'n mens gehad het nie. En in dieselfde stad het 'n weduwee gewoon wat hom herhaaldelik kom vra het: 'Doen aan my reg in my saak teen my teenparty. ‘n Tyd lank wou hy nie, maar later het hy vir homself gesê: `Vir God het ek wel geen

eerbied nie, en aan 'n mens steur ek my nie, maar aangesien hierdie weduwee so aanhou om my lastig te val, sal ek haar in haar regsaak help, anders kom klap sy my op die ou end ook nog."

Toe sê die Here: "Hoor wat sê die onregverdige regter. Sal God dan nie aan sy uitverkorenes, wat dag en nag tot Hom roep, reg doen nie? Sal Hy hulle lank laat wag? Ek sê vir julle: 'Hy sal hulle help en gou ook! Maar sal die Seun van die mens by sy koms nog geloof op die aarde vind?"

In my soeke na 'n hart wat voor God stil is, het ek dae lank na hierdie gelykenis van Jesus gekyk. As ek my kom kry, het ek maar weer die Bybel daar oopgeslaan en dit weer 'n keer gelees. Waar ek geloop het, het ek myself afgevra: Hoekom het Jesus nou eintlik 'n weduwee geneem om die les van volhardende gebed oor te dra? Hoekom nie 'n soldaat of 'n visserman nie? Jesus het altyd baie bekende en alledaagse dinge geneem as voorbeelde in sy gelykenisse. Dus kan 'n mens aanneem dat 'n weduwee met 'n regsaak net so algemeen was soos 'n saaier wat uitgegaan het om te saai of soos gaste wat op die bruidegom gewag het. 'n Onregverdige regter moes dan seker ook 'n baie bekende gesig gewees het, iets alledaags. Hierdie gelykenis is vertel met die klem op volharding in gebed en geloof, dus was daar iets in hierdie weduwee se

omstandighede wat haar geskik gemaak het om in Jesus se les in te pas.

Wat was dit? Toe het ek skielik verstaan, maar natuurlik, dis haar algehele en totale afhanklikheid! Die weduwee het niks anders gehad om op te leun nie, niemand om in te gryp nie, behalwe 'n regter. Al was die regter onregverdig, was hy nog steeds haar enigste toevlug. Menslik gesproke was sy magteloos, die wat wou, kon haar uitbuit en die besittings wat sy gehad het ook nog inpalm.

Die Here het egter Homself aangestel as die Beskermer van die weduwee se reg. In die gemeenskapswette wat die Here aan Moses gegee het, het Hy duidelik uitgespel hoe 'n weeskind, 'n vreemdeling en 'n weduwee versorg moes word. Die Here het self besluit wanneer 'n vrou weduwee moet word. Die besluit kan geen vrou tog neem nie, want dan word sy 'n moordenares, nie 'n weduwee nie. God besluit, want net Hy het mag oor lewe en dood. Hy het nie haar man weggeneem en haar sonder sorg gelaat nie. Hy het sy volk verantwoordelik gemaak vir haar versorging.

Al het sy nie gesaai nie, moes die boere haar gedurende oestyd in ag neem en toelaat dat sy die are wat uitgeval het optel, soos ons in Rut se storie gesien het. In die tempelkamers waar die tiende deel van die graanoes gestoor was, kon die

weduwee haar daaglikse porsie gaan skep. Wanneer die volk bly was voor die Here, lees ons, dat hulle ook die weduwees in hul feesvieringe moes insluit. Die Here het die leiers beveel: "Behartig die saak van die weduwee." En Hy het 'n vloek uitgespreek oor enige iemand wat 'n weduwee bedrieg en te na kom. In Jeremia 49:11 sê die Here vir sy volk:

"Laat maar jou weeskinders agter, Ek sal hulle in die lewe hou; en laat jou weduwees op My vertrou."

God het die volk beveel: "Behartig die saak van die weduwee". Die korruptheid en goddeloosheid van die onregverdige regter het nie die mag gehad om God se bevel ongeldig te maak nie. Die Here se bepalings het nie as gevolg van die regter se hardvogtigheid gewankel nie.

Die weduwee verstom my! Ek sou seker net een keer hulp gaan vra het, en dan nooit weer teruggegaan het na die onbeskofte en harde man nie. Maar nie die weduwee nie! Haar nood was so groot en diep, dat sy kon aanhou, selfs al het sy geweet dat hy nie regverdig was nie. Sy het nêrens anders gehad om heen te gaan nie. Hoogmoed het ook nie 'n blyplek in haar lewe gehad nie. Sy was nie bang vir vernedering nie, sy was klein in haar eie oë. Sy het haar afhanklikheid

geken! Die Here het vir haar ingestaan, selfs in die wette wat Hy neergelê het.

Jesus vra of Hy nog die soort geloof sal vind as Hy terug kom aarde toe. Hoe maklik is dit vir ons wanneer ons omstandighede moeilik word om die Here te sien as onregverdig. Ons vra vir uitkoms, maar die situasie raak net nog moeiliker. Hoe maklik om moedeloos te word en te sê: "Vir ander werk dit, maar nie vir my nie!" Hoeveel verloor nie hul geloof nie en draai weg om êrens anders hulp te soek? Die weduwee het nie 'n êrens anders gehad nie, daar was net een wat kon help en sy was totaal afhanklik van sy genade. Sy het haar plek as weduwee ingeneem, haar plek as afhanklike en op grond van hierdie algehele afhanklikheid, het sy aanhou pleit.

Toe ek dit besef het, het ek vir myself gepreek en gesê: "Jy weduwee wat in die twintigste eeu leef, as jy die voorreg van 'n stilgemaakte hart wil smaak, sal jy hierdie totale afhanklikheid moet leer ken. Jy sal hierdie waarheid van ganser hart moet aanneem, want 'n hart wat nie volkome van God afhanklik is nie, sal nooit kan volhard om te bid nie, sal nooit kan volhard om te glo nie en sal nooit vir God kan behaag nie. Dit sal eerder met die geringste probleempie aanstoot neem en in selfbejammering vergaan. Om te kan bid sonder om moedeloos te word, moet jy jou plek as afhanklike ken en inneem".

Dit het my geraak en hartseer gemaak dat die Here wat nooit 'n fout maak nie Homself hier met 'n onregverdige regter vergelyk. Maar toe besef ek dat Hy nie Homself met die regter vergelyk nie. Hy teken die prentjie van iemand wat korrup en onregverdig is, maar tog sag word en ingee onder die volhardende gepleit van die weduwee. En dan trek Hy die oë na God toe. As 'n harde onregverdige regter se hart kan sag word, wat sal volhardende gebed dan nie aan die Vaderhart van God doen nie. Hy wat wag om aan ons goed te doen! Sal Hy dan nie gou antwoord nie? Maar die probleem lê by my hart. Dit lyk asof dit makliker vir my is om nie in God se liefdevolle Vaderhart te glo nie. Dis makliker om te maak soos wat ek van myself gesê het. As ek vra en die regter doen nie dadelik iets nie, sou ek nie weer teruggegaan het nie. Dis asof my hart dit makliker vind om te wantrou as om te vertrou. Maak ons nie so met Hom wat gesê het laat die weduwees op My vertrou nie? Ons vra, kry dit nie, en gaan dan nie weer terug nie. Ons vergeet dat die Bybel ons leer. "Klop en vir julle sal oopgemaak word, soek en julle sal vind, vra en vir julle sal gegee word." Ons weduwees leef egter in 'n kits eeu. Alles moet dadelik gebeur. Jakobus het gese dat ons nie ontvang nie omdat ons nie reg vra nie.

Jesus het gepraat van volhardende gebed. Hy het gevra of Hy nog geloof sal kry as Hy terug kom aarde

toe. Hierdie gelykenis het ingesny tot in die diepste plekke in my hart en kolskoot getref. Ek weet nie hoe om te bid nie, ek weet nie hoe om gelowig te bid nie. Ek weet nie hoe om terug te gaan en weer en weer te vra nie, want ek is iemand wat na kits oplossings soek. Al die pyn, ellende en probleme moet nou opgelos word. Ek het nie geweet dat volharding karakter kweek nie en dat die Here in my karakter geinteresseerd is nie. Ek was net beheb met vinnige oplossings. Die Here is mos Almagtig en kan sake in 'n oogwink verander, hoekom doen Hy dit dan nie. Dis die hart van die mens. Dis die hart van hierdie weduwee wat in die kits eeu leef. Kan u nou sien, liewe Leser, waarom die Here weduweeskap oor my gebring het? Hy was oor my siel besorg. Hy was besorg oor die gebrek aan karakter in rny lewe, die gebrek aan geloof. Toe alles goed gegaan het, was hierdie gebreke sorgvuldig weggesteek, maar nou het dit aan die lig gekom, ek kon daarvan bewus raak. Hoe wonderlik dat die Here dit goed gedink het om pyn in my lewe te stuur sodat ek gereinig kan word van hierdie karakterloosheid, van hierdie onvermoe om te volhard, van hierdie onkunde oor God se karakter en oor my ongeloof. Weduweeskap het oor my gekom sodat ek ware gemeenskap met God die Vader kan leer ken.

Toe die Woord van die Here my hart so diep oopgevlek het en ek na hierdie gesindheid van

volkome afhanklikheid begin soek en daarna begin verlang het, het ek in die aakligheid van my hoogmoed vasgeloop. Te hoogmoedig om raad te vra, te hoogmoedig om te erken dat ek 'n behoefte het. Te hoogmoedig om op die Here te wag om my te antwoord. En dit terwyl ek, 'n weduwee, nie hoogmoedig durf wees nie! Haat die Here dan nie hoogmoed nie? Weerstaan Hy dan nie so 'n persoon nie? Ek wat soek na kits oplossings, kan ek dan in 'n kits, in 'n oogwink van hierdie hoogmoed ontslae raak? Sien, dis maklik om te sê die Here is onregverdig en Hy antwoord nie gebede nie. Maklik, as ek wegkyk daarvan dat die oorsaak van die Here se stilte in my eie hart lê. Hoogmoed! Gruwelike, stinkende hoogmoed, die oersonde van die mens wat homself met God wil gelyk stel. Hoe kan 'n hoogmoedige weduwee soos ek my plek as afhanklike inneem?

Dis 'n gesindheid wat vreemd was aan my hart. 'n Hoogmoedige kan nie 'n afhanklike wees nie, die twee gaan nie saam nie.

Behalwe die hoogmoed het ek ook 'n ‘êrens anders' in my lewe ontdek. My êrens anders was die soeke na aanvaarding en die goedkeuring van mense. Dit was my hulp en my skuilplek. 'n Mens slaag soms daarin om ander te bluf. Mense kan vleeslik optree en daardie soort simpatie gee

waarna ek gesmag het. Die soort simpatie wat my toelaat om te volhard in my onafhanklike gesindheid en my hoogmoed. Mense kan iemand pamperlang, en dis wat ek gesoek het. Om gepamperlang te word. Om jammer gekry te word. Om in ag geneem te word. As ek verby stap dat mense sou fluister: "Foeitog, sy is 'n weduwee, maar sy dra haar lot tog so dapper." Die Here weerstaan die een wat hoogmoedig is en nie 'n afhanklike gees het nie. Mense doen dit nie altyd nie. Nou wil ek ander se aanvaarding en goedkeuring my skuilplek en my hulp maak! Waar pas die Here en Sy Wil dan in die prentjie in?

Ek het so geskrik dat ek op my knieë geval het en vir die Here in my onkunde iets gevra het. "Here, asseblief sit U hand op my en gryp in my lewe in. Laat asseblief toe dat mense my vergeet tot die dag dat U sien dat al die hoogmoed en die soeke na aanvaarding in my lewe weggebrand is. Versadig U asseblief met Uself hierdie honger na aanvaarding en goedkeuring sodat ek nie verder sal soek om mense te behaag nie, maar vir U."

Ek het nie geweet wat vir my gewag het nie. Die Here het my gebed gehoor, Sy hand op my gesit en die vuur het begin brand. Ek is vergeet! Vandag kan ek nie ophou om die Here te dank vir Sy goedheid nie! Hoe dikwels het ek nie gehuil oor die

seerkry nie, maar ek kon nooit 'n mens beskuldig nie, want ek het geweet dat dit die Here was wat my gebed verhoor het. Geen mens kon ek my vyand maak nie, want ek het geweet dat die Here my naam uit hul geheue weggevee het, daarom het hulle vergeet. Ek het dan daarvoor gesmeek. Ek dank die Here dat Hy my, deur Sy genadige ingryping in my lewe, tussen mense gebring het wat Hom in alles eerste stel. Mense, wat net soos Hy, besorg was oor my siel. Mense wat verlang het dat die Here se wil in my lewe sal geskied.

Vandag weet ek dat geloof net kan groei soos ons ons afhanklikheid van God leer ken. 'n Mens kan net moedeloos word as jy 'n êrens anders het om heen te gaan, maar as die Here jou enigste hulp is, dan sal jy volhard om te vra en te bid sonder om moeg te word. Jy sal dan ook kan volhard om te wag op die antwoord, want daar is geen ander plek of mens om heen te gaan nie, geen ander wat kan help nie, net die Here. Sal God dan nie aan sy uitverkorenes wat weet hoe afhanklik hulle van Hom is, wat dag en nag tot Hom roep, reg doen nie?

Sal Hy hulle lank laat wag? Jesus sê: Hy sal hulle help en gou ook. Maar sal die Seun van die mens by Sy koms nog geloof op die aarde vind? Liewe weduwee, sal Hy nog geloof in u hart vind? Of het

u al weggedraai en hulp gaan soek in u werk of u geld en besittings? Het u dalk 'n heenkome gaan soek in die eer en goedkeuring van mense, soos wat ek gemaak het? Het u miskien 'n skuilplekkie probeer vind in mensegeselskap en vriendskap? Al hierdie dinge kan ons nie vrywaar van moedeloosheid nie. Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van God. Totale afhanklikheid van die ewige en almagtige God, vryvaar vir my, as weduwee, van die sonde van moedeloosheid en bewerk in my volharding, daardie gesogte karaktertrek. Hoe wonderbaar!

# MOENIE HUIL NIE!

Vertroosting is seker iets waarna elke weduwee smag. Dis so 'n normale reaksie om te verlang dat 'n mens verlos word van hierdie vretende pyn in jou binneste. Die dag toe ek die Bybel oopslaan by Lukas 17 het ek ook sommer begin huil toe ek lees wat Jesus vir die weduwee van Nain gesê het. "Moenie huil nie." Daardie woorde het lewend geword en my eie hart deurspoel. Soos dit al amper 'n gewoonte geword het, het ek die gedeelte herhaaldelik gelees:

"Kort daarna het Jesus na 'n dorp met die naam Nain gegaan, en sy dissipels en ˉn hele menigte mense is saam met Hom. Toe Hy naby die ingang van die dorp kom, word daar juis 'n dooie uitgedra om begrawe te word. Hy was die enigste seun van sy ma, en sy was 'n weduwee. Byna die hele dorp se mense was saam met haar. Toe die Here haar

sien, het Hy haar innig jammer gekry en vir haar gesê: "Moenie huil nie!"

Hy gaan toe nader en vat aan die baar. Die draers gaan staan toe, en Hy sê: "Jongman, Ek sê vir jou, staan op!"

Die dooie het regop gaan sit en begin praat. En Jesus het hom aan sy ma teruggegee."

Moenie huil nie!

Wie het die outoriteit om dit vir 'n weduwee te sê wat haar enigste seun verloor het? Sonder man en sonder 'n seun wat vir haar in haar weduweeskap en op haar oudag kon sorg. Byna die hele dorp se mense was saam met die weduwee op pad graf toe, maar nie een van hulle kon vir haar sê: "Moenie huil nie!"

Hulle kon saam huil, saam voel, saam loop, maar nie een van hulle kon haar hart neem en die smart wegvee nie. Hulle kon nie sê: "Gee jou smart vir my dan dra ek dit vir jou" nie. Hulle kon die gat grawe, die lyk dra, die begrafnis reël, maar hulle kon die felheid van die pyn en die smart nie uitdoof nie.

Haar enigste seun was dood. Haar hoop, haar toekoms het leweloos daar gelê, op pad graf toe. Omstandighede buite haar beheer het hom weggeruk. Die dood het nie vir haar kom

toestemming vra nie. Sy kon haar seun nie red nie, sy kon hom nie terughou nie. Die matelose smart van haar hart kon sy vir niemand beskryf nie, sy het maar net gehuil.

"Moenie huil nie!" Dit was 'n stem met gesag. Jesus het haar innig jammer gekry en Hy het na haar toe gegaan. Ek kan my die wonderlike toneel voorstel. Jesus wat met soveel deernis die vrou aanspreek en haar seun vir haar lewend teruggee. Ek wonder of Jesus in daardie oomblikke gedink het aan wat vir Hom en Sy Vader voorgelê het wanneer Hy aan die kruis moes sterf. Watter onbeskryflike smart het daar nie op Hom en Sy Vader gewag nie. Maar uit die dood het Hy vir u en vir my die ewige lewe gebring. Deur Sy smart het daar ook vir ons vertroosting gekom.

Het u al vir Jesus hoor sê: "Moenie huil nie".

Wil u graag daardie goddelike trooswoorde hoor, al is u nie 'n weduwee nie en al het u seun nie gesterf nie? Huil dan oor wat dood is in uself. Huil oor dit wat u nie lewend kan maak nie. Huil oor u eie hart wat in sonde vasgevang is. Huil oor vleeslike begeertes wat u hart vasanker in die dood. Huil oor onbeheerste gedagtes wat u geestelik 'n lyk maak. Huil oor u geestelike toestand, so dood en leweloos soos die seun op die lyksbaar. Dan sal u ook hoor, "Moenie huil nie,

Ek gee lewe."

Ek ken 'n weduwee wat ook net een seun het. 'n Seun wat baie lief is vir bobotie en geelrys, maar hy het altyd so onverwags by die huis opgedaag dat sy selde sy spesiale dis reg gehad het om hom te trakteer. Hy het met sy eerste maande se weermaggeld vir haar 'n nuwe naaimasjien gekoop, sodat sy haar oue, wat so sukkel, op die ashoop kon gooi. Met 'n stil vreugde het hy kom vertel dat hy die enigste was wat nie bang was om tussen drie honderd weermagmanne op te staan toe die sersant-majoor gevra het wie nie daarvan hou as daar gevloek word nie. Hy was die een wat die klein dingetjies raakgesien het en die klein dingetjies gedoen het om haar moederhart te troos en bly te maak.

Nou is hy dood, maar nie die soort dood waar 'n mens begrawe word nie. Nie die soort dood waar vriende en kennisse medelye kom betoon nie. Die ander soort dood. Dood in sonde en eie begeertes. Maande lank het smart haar metgesel geword, want sy het die seun van haar innig lief. Toe het die weduwee agtergekom dat daar egter 'n verbasende krag in smart opgesluit is, 'n reiniginskrag. Smart het ook die krag om 'n hart ontvanklik te maak vir ware kennis van God se karakter.

Met elke nuwe smartlike ondervinding, het die weduwee opnuut 'n keuse gemaak: "Here Jesus, ek kies U met my hele hart. My seun kan nie vir my die ewige lewe gee nie, hy kan nie die herder van my siel, my rots en skuilplek wees nie. Hy kan nie in die verborgene sien en my beskerm nie. U is die Een wat lewe gee en ek kies vir U al beteken dit dat ek my seun verloor."

Sy het ook geleer dat daar by die kruis 'n altaar is. Op die altaar het sy haar seun kom lê: "Here, hier is my enigste seun. Hy leef in U genade sonder om U te erken en sonder om U te eer. Deur in sonde te leef terwyl hy die waarheid ken, vertrap Hy die bloed wat ook vir hom gestort is. Doen met hom wat U goed dink, want U is die Barmhartige. U is die Een wat beloof om na die vaderloses om te sien en U sal nie vergeet dat hy sonder 'n pa is nie. Ek het hom gefaal, Here Jesus! My mislukking om hom na U te lei en my verlange dat hy U sal vind, kom plaas ek op die altaar. Al my verwagtinge, my begeertes vir die seun van my, sit ek op die altaar. Die reg wat ek as ma my toeëien omdat ek hom gedra en groot gemaak het, bring ek altaar toe. Ek stel my verwagting in U, Hemelse Vader en ek vra U om hom asseblief oor te gee aan die begeertes van U hart, want U begeertes gee lewe. U het planne vir hom, planne om hom

voorspoedig te maak en nie om hom te vernietig nie.

Vir die weduwee het die dag aangebreek dat sy Jesus hoor sê het: "Moenie meer huil nie". Dit was Goeie Vrydag. Sy het die oggend wakker geword met 'n gebed in haar hart: "Here, stuur vandag U Woord na my hart om 'n kragtige werk daar te doen. As ek in die kerk sit en U dienskneg preek oor dit wat U aan hom openbaar het, laat U Woord asseblief vir my lewend word. Laat dit insny en skeiding maak tussen siel en gees en tussen gewrigte en murg." Die Here het haar gebed verhoor. Die prediking oor Jesus se lyding, oor wat Hy deurgegaan het ter wille van ons, het so lewend geword dat sy dit in haar verbeelding kon sien. Daar waar sy gesit en luister het, het sy diep in haar hart uitgeroep: "Vergewe my asseblief, Here Jesus, dat ek gedink het dat ek smart ken, dat ek onder die indruk was dat ek lyding deurgaan. U het my smarte op U geneem! Ek bekeer my nou op hierdie oomblik daarvan dat ek my eie smart in my hart omgedra het. U het my smart op U geneem! Van vandag af wil ek deel in U smart, in U lyding en in U pyn. Dit wat U voel en dink oor my seun, dit wil ek in my hart omdra en net dit, want U het reeds my smart op U geneem."

Haar lewe het 'n nuwe noot gekry, 'n dieper

vreugde as ooit tevore. Geloof het haar hart deurspoel. Sy weet, die begeertes van God se hart is dat ook haar seun die ewige lewe sal beërwe en dat hy nie verlore sal gaan nie. Eendag sal Jesus ook vir haar seun sê: "Jongman, Ek sê vir jou, staan op." Dan sal hy sien en begryp wat Jesus vir hom gedoen het en glo.

Liewe weduwee, het u dalk ook 'n kind verloor? Onthou dat Jesus Christus die dood oorwin het. Hy het uit die dood opgestaan en het die gesag om te sê: "Moenie huil nie." Hy het reeds daardie pyn en smart op Hom geneem. Hy het die allerverskriklikste lyding deurgegaan om vir ons te kan sê: "Moenie huil nie." Hy is die enigste wat kan troos. Smart en pyn moet vlug voor Sy gesag. Laat ons onsself aan Hom toewy en een wees met Hom waar Hy voortgaan met Sy werk om siele van die dood te red. In plaas daarvan dat ons vasgedraai raak in ons eie verlies en smart, laat ons liewers ons oë op Jesus gevestig hou. Weduwees wat vertroos is omdat Jesus ons smarte op Hom geneem het.

# MEER WERD AS SEWE

Die verhaal van Rut het deur die eeue heen baie mense se verbeelding aangegryp. Selfs films is oor haar lewe gemaak. Wêreldse mense interpreteer moontlik Rut se storie volgens die lewe wat hulle self lei en ken, maar vir die kinders van God is hierdie verhaal 'n ware skatkis van kosbaarhede.

Orpa en Rut was die vrouens van Maglon en Giljon. Hulle was Moabities en hulle mans Joods. Jode was nie veronderstel om met heidense Mobiete te trou nie. Dit het nie die Here hulle God behaag nie. Maar ver van hulle land en volk het die twee jongmans besluit om hulle te verbind aan die twee heidense meisies wat afgode aanbid het. Dit was droogte en moeilike tye wat die jongmans se ouers, Elimelek en Naomi, laat besluit het om uit Israel uit weg te trek en 'n heenkome in Moab te vind. Toe het twee heidense meisies met 'n heel ander kultuur as die

Israeliete hul intrek onder Naomi se dak geneem. Nie as slawe nie, maar as skoondogters.

Naomi was toe al reeds 'n weduwee. Haar man, Elimelek het daar in Moab begrawe gelê. Haar twee seuns het die fleur van hulle lewe ook daar in Moab gesterf en haar alleen agtergelaat met haar twee Moabitiese skoondogters. Naomi het egter nie die God van haar vaders vergeet nie. Die God van Abraham, Isak en Jakob was vir haar die enigste Een wat aanbid kon word, want Hy was die Lewende God, Skepper van hemel en aarde. Hy was nie 'n god wat deur mensehande uit hout of koper gemaak is nie.

Sy het gehoor dat die Here weer vir Israel in genade aangesien en reën gestuur het. Daar was weer goeie oeste op die lande. Toe het sy besluit om terug te gaan na Israel, na haar vaderland.

Naomi se besluit om na Betlehem toe terug te gaan, het 'n krisis in die twee skoondogters se lewens veroorsaak. Die krisis het die ware karakters van Rut en Orpa geopenbaar. Hulle was skielik voor 'n keuse gestel. Sou hulle saam met Naomi gaan na 'n volk wat hulle nie ken nie, na 'n totaal onbekende toekoms, of sou hulle by hulle mense agterbly? Orpa het gekies om liewers in Moab te bly, by haar mense en hulle gode. Sy het Naomi en Rut gegroet en omgedraai. Toe sy van hulle af weggestap het, het

sy ook uit die geskiedenis van die volk van God uit weggeraak. Nooit word daar weer van haar melding gemaak nie. Sy het verdwyn tussen haar heidense volk en hul afgode.

Nie Rut nie. Sonder om te twyfel en sonder om te skroom het sy Naomi gevolg. Haar skoonma se geloof in die Almagtige, het haar hart gewen. Die liefde vir haar skoonma was groter as die liefde vir haarself. Daarom het sy kans gesien om haar land, haar mense te verruil vir dit wat Naomi gehad het. Sy kon dit nie oor haar hart kry om haar skoonma totaal alleen, manloos en kinderloos te laat terugkeer nie. Dus het sy die plek ingeneem van Elimelek, Maglon en Giljon. Wat 'n skoondogter!

Ons is almal bekend met daardie onsterflike woorde van die jong weduwee: "Moet my tog nie dwing om van u af weg te gaan en om te draai nie, want waar u gaan, sal ek gaan, waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God; waar u sterf, sal ek sterf en daar sal ek begrawe word. Ek lê 'n eed af voor die Here; net die dood sal ons skei."

Ek kan my voorstel hoeveel kosbaarder Rut in Naomi se oë geword het. 'n Meisie uit 'n heidenvolk wat haar onvoorwaardelik as ma aangeneem het en haar hart aan Naomi gegee het. Soos hulle die lang reis aangepak het, het Naomi se oë seker dikwels met dankbaarheid op hierdie dogter van haar gerus.

'n Kind om haar by te staan en haar metgesel te wees.

In Betlehem het Rut die verantwoordelikheid op haar geneem om vir Naomi te sorg. Weduwees en vreemdelinge in Israel kon op die koringlande gaan are optel. Naomi het nie nodig gehad om te gaan nie, Rut het gegaan. Sy was beide 'n weduwee en 'n vreemdeling, 'n uitlander. Sy het hard gewerk. Al het sy geweet dat sy gemolesteer kon word deur die mans wat geoes het, het sy nogtans gegaan, want hulle moes eet. Sy het bekend geraak as 'n goeie vrou. Ander het haar getrouheid en werkywer opgemerk. Haar gedrag was onberispelik. So beleefd, so minsaam en opreg besorg oor haar skoonmoeder. Selfs van die kos wat die goeie Boas haar gegee het om te eet, het sy 'n bietjie oorgehou om vir Naomi te neem.

Boas het toegesien dat Rut goed behandel word. Eendag het Rut verbaas vir hom gevra: "Waarom is u so goed vir my en stel u in my belang, ek is dan 'n buitelander?"

Boas het vir haar gesê: "Ek weet van alles wat jy vir jou skoonma gedoen het na die dood van haar man en dat jy jou ouers en jou geboorteland verlaat het en na 'n volk toe gekom het waarvan jy vantevore niks geweet het nie. Mag die Here jou beloon vir wat jy gedoen het. Mag jy 'n welverdiende beloning

ontvang van die Here die God van Israel onder wie se vleuels jy kom skuil het.”

Rut het geweet hoe om te dien. Sy het geweet hoe om haarself en haar leed te vergeet om 'n ander te dien en die lewe vir 'n ander makliker te maak. Dit het my laat dink aan die woorde van Jesus toe Hy gesê het: "Ek het gekom om te dien, nie om bedien te word nie." Lig het vir my opgegaan. Dit is die antwoord en die geheim vir my lewe as weduwee. Ek moet ander dien, nie op 'n hopie sit en wag om bedien te word nie. Hoe maklik is dit vir 'n weduwee om te dink dat die wêreld haar iets skuld. Mense moet aan haar aandag gee, want sy kry swaar onder die lot wat haar getref het. Maar Rut het gedien, want sy het onder die vleuels van God gaan skuil.

Hierdie waarheid wat ek opnuut uit Rut se lewe geleer het, wou ek ook aan my jongste dogter oordra. Sy was nog by my in die huis toe die eerste verjaardag herdenking van haar pa aangebreek het. Ek was bang dat die dag dalk pyn en 'n gemis sou bring wat dit moeilik sou maak om 'n lied in die hart te hê. Daarom het ek vir die Here 'n plan gevra dat ons die pyn kan fnuik. 'n Blink idee het my te binne geskiet. Die vier-en-twintigste Augustus het aangebreek en ons is die oggend skool toe. Na skool het ons begin koek bak, want die volgende

dag was dit die verjaardag van 'n dogtertjie met wie ons bevriend was. Ons het besluit om vir haar 'n huisiekoek te maak. Tot laat daardie nag het ons nog koek versier. Die koek was vir my mooi. Die huisie het in 'n grasgroen tuintjie gestaan omring deur baie blommetjies. 'n Paadjie het na die deurtjie toe geloop. Deur die venstertjies het twee gesiggies geloer om te sien of die verjaardaggaste al aankom.

Ons plan het gewerk. Die hartseer was heeltemal vergete, ons was te besig om daaraan te dink. En die vreugde en genot op ons klein vriendinnetjie se gesiggie was genoeg beloning. Doen iets vir iemand anders, nie om eer en lof te ontvang nie, maar omdat dit die wet van die Evangelie is. Dit is wat ons met daardie verjaardagkoek geleer het. So 'n klein dingetjie, maar dit het diep vreugde gebring en op die koop toe ons harte van onnodige herinneringe en pyn bewaar.

Jesus het gekom om te dien, nie om bedien te word nie. Dikwels wanneer selfbejammering met sulke lang treë en bokspringe op my afgestorm het, het ek my aan hierdie woorde herinner. Dan het ek doelbewus teen myself kant gekies. Die self wat so graag op die bed wou gaan sit en smag dat iemand tog net sal omgee en my behoeftes sal raaksien. Ek het aan Rut gedink. Sy was besorg

oor Naomi se behoeftes en het nie tyd vir selfbejammering gehad nie. Rut het Naomi so gedien, dat sy self Naomi se planne vir haar toekoms aanvaar het en gemaak het soos haar skoonmoeder beveel het. Naomi wat 'n rol in God se plan gespeel het, God se plan om 'n Verlosser na die wêreld te stuur, het vir Rut in aanraking gebring met haar losser. Boas se woorde: "Mag jy 'n welverdiende beloning ontvang van die Here die God van Israel onder wie se vleuels jy kom skuil het," is vervul. Sy is getroud met die man wat God vir haar uitgekies het en 'n seuntjie is vir hulle gebore.

Naomi se buurvrouens het in haar vreugde gedeel en vir haar gesê: "Jou skoondogter wat jou liefhet en wat vir jou meer werd is as sewe seuns, het hierdie seuntjie in die wêreld gebring. Die seuntjie wat jou op jou oudag gaan versorg." Die seuntjie was Obed. Die bekende Obed, 'n bewys dat die Here, die genadige en barmhartige God is. Hy wat die heidense weduwee, wat onder Sy vleuels kom skuil het, deelgemaak het van Sy groot verlossingsplan.

Rut was vir Naomi meer werd as sewe seuns. Ek wens ek kan woorde vind om te beskryf wat die verhaal van Naomi en Rut in my hart gedoen het. Dink net aan al die mooi woorde wat oor hierdie Rut gesê is deur ander wat haar gadegeslaan en saam

met haar geleef het. Dink aan die liefde van God wat haar aangeneem het as een van Sy eie en haar geseën het.

Ek het vir myself gevra: Het ek nie ook onder die vleuels van die Allerhoogste kom skuil nie? Is ek nie ook Sy kind nie'? Ken ek nie ook Sy hand op my lewe en sy versorging en trou nie?

Toe het ek by my bed gekniel en my hart opgehef na die Een onder wie se vleuels ek kom skuil het:

Here, my God, ek verlang om vir U meer werd te wees as sewe ander. Dat my lewe so 'n soet geur sal uitdra tussen die waar ek werk en leef, soos Rut se lewe. Dat ek sal dien soos Rut gedien het. Dat my keuse so onsterflik sal wees soos Rut se keuse. Daarom smeek ek U moet my nie verbygann nie, maar werk in my lewe, sodat dit nie nutteloos sal wees nie, maar 'n lewe wat vir U koninkryk iets werd is.

# ALLES IS ALLES

Hoe het ons as kinders altyd gesê wanneer daar gedeel moes word en ons was bang die deler is nie regverdig nie? Alles is alles. Nie niks nie, nie iets nie, nie 'n bietjie nie, nie net 'n lekseltjie nie. Nie net 'n skraapseltjie nie. Alles is alles. Nou het hierdie alles is alles aan my deur kom klop en my lewe kom inspekteer deur die weduwee in Markus 12. Daar staan die woorde, swart op wit. Daar was so 'n weduwee, iemand wat geweet het dat alles, alles is.

"Jesus het toe regoor die offergawekis gaan sit en kyk hoe die mense geld daar ingooi. Baie ryk mense het baie geld ingegooi. Daar het toe 'n arm weduwee gekom en twee muntstukkies ingegooi. Dit was baie min werd. Hy het sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: `Dit verseker Ek julle: Hierdie arm weduwee het meer ingegooi as al die ander mense

wat iets in die offergawekis gegooi het. Hulle het almal uit hulle oorvloed iets ingegooi, maar sy het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het, alles waarvan sy moes lewe."

Jesus het gaan sit en gekyk. 'n Mens kan jouself afvra waarna die Here dan gekyk het, wat was die doel agter Sy optrede. Die Bybel sê dat Jesus wou sien hoe die mense gee. Nadat Hy gekyk het, het Hy die gawegewers in twee groepe verdeel. Die wat uit hulle oorvloed gegee het en die wat uit gebrek gegee het. Die wat uit oorvloed gegee het, was oorweldigend in die meerderheid. Ons hoor hier van een persoon wat gebrek gehad het en nogtans alles gegee het. Dit was 'n arm weduwee. Haar gawe het die Here behaag. Wat sy gegee het, het syself broodnodig gehad, want sy moes daarvan lewe. Toe sy haar ganse lewensonderhoud in die offergawekis laat val het, het sy haar oorgegee aan die genade van God. Met die daad het sy haar as't ware uitgelewer aan die Een wat die regsaak van die weduwee behartig. Sy het haar totale afhanklikheid van God erken, want sy het niks meer gehad om op te steun nie. Hy was nou haar enigste hulp en uitkoms. Die soort gawe het die Here Jesus se hart aangeraak en Hy het haar gawe hoër geag as die gawes wat uit oorvloed gegee is.

Die weduwee wat met haar gawe haar so in God se

genade ingewerp het, laat my dink aan 'n droom wat iemand gehad het. In die droom het sy 'n geweldige steil berg uitgesukkel. Die klippe was nat en glibberig. Sy het dikwels gegly en gestruikel. Na noue ontkomings het sy uiteindelik die kruin van die berg bereik. Verligting het oor haar gespoel, maar dit was van korte duur. Reg voor haar voete het 'n bodemlose afgrond gegaap en aan die anderkant van die donker, onheilspellende skeur het die paadjie weer aangegaan. Dit het gevoel asof al haar hoop aan flarde geskeur was, want terug kon en wou sy nie weer nie, maar hoe kon sy tog oor die afgrond kom. Daar was 'n kreet in haar hart: "Here, asseblief help my!" 'n Stem het toe vir haar gesê: "Spring!" Maar 'n ontsettende angs het haar vasgegryp en die afgrond het haar soos 'n reuse magneet aangetrek. "Ek sal dit nooit kan maak nie. Ek gaan my te pletter val,” het sy gedink. Die stem het weer gesê: "Spring!" Sy het opgekyk en 'n ent bokant haar kop 'n tou gesien wat oor die afgrond gespan was. Die tou was niks dikker as 'n garedraadjie nie. Dit sou nooit haar gewig kon dra nie.

Sy was soos 'n vasgekeerde, maar een ding het sy geweet: "Ek moet vorentoe.” Sy het al haar moed bymekaargeskraap en met 'n kragtige inspanning gespring en na die tou gegryp. Op daardie oomblik het 'n sterk hand om haar pols gesluit en haar veilig na die anderkant toe

oorgeswaai.

Om in jou gebrek alles te gee waarvan jy moet lewe, is soos om te spring en jouself in die genade en beloftes van God te werp. Dit is geloof.

Hierdie weduwee het in haar gebrek gegee, sy het nie gevra nie. Sy het nie by die offergawekis, die met oorvloed beskuldigend aangekyk, en van hulle verwag om haar en haar nood raak te sien nie en om iets daaraan te doen nie. Sy het gegee, alles waarvan sy moes lewe.

Toe ek so onverwags weduwee geword het, was dit skielik vir my so moeilik om te gee omdat ek so intens bewus geword het van myself en my behoeftes, van my nood en my swaarkry. My nuwe omstandighede het my totaal oorrompel en ek het van ander verwag om my en my behoeftes raak te sien. Ek het skielik net 'n verlede gehad, geen hede of 'n toekoms nie. My verhoudinge met ander mense was agterstevoorom. In plaas daarvan dat ek gegee het, het ek dinge aan hulle toegeskryf waaraan hulle nie skuldig was nie. Ek het van diegene, wat volgens my mening 'n oorvloed gehad het aan vrede, vreugde en vriendskap, verwag dat hulle ook vir my moet intrek en aan my aandag moet gee. Die beheptheid met myself en met die alleenheid van my weduweeskap het veroorsaak dat ek nooit tevrede was met die

aandag wat ek wel gekry het nie, ek wou meer hê.

Die weduwee by die offergawekis, het alles gegee waarvan sy moes leef. Sy het niks gevra nie, niks geëis nie. Die wat uit hulle oorvloed gegee het, het ook nie geweet dat sy alles gegee het nie, maar Jesus het geweet en Hy het vir haar ingestaan.

Jesus kyk vandag ook hoe ons gee. Dit is vir Hom van belang hoe ons gee. Niks wat ek of u gee, ontsnap Sy aandag nie. Hoe ons dit gee, is vir Hom glashelder, want Hy sien in die verborgene. Of ons geld en materiële dinge gee, of ons liefde, vriendelikheid of hulp gee, Hy sien met watter gesindheid ons dit doen. En Hy het 'n blymoedige gewer lief.

Hy, Jesus Christus is 'n voorbeeld van Iemand wat alles gegee het. Hy het nie net die hemel en alles wat rein, heilig en vlekkeloos is, verlaat en op die verdorwe aarde kom woon nie. Hy het Sy eie vlekkelose lewe oorgegee, sodat ek en u gered kan word uit hierdie verderflikheid.

As u dalk ook weduwee is soos ek, laat ons dan alles na die offergawekis bring, alles waarvan ons moet lewe. Ek praat nie van geld nie, maar van daardie herinneringe waaraan ons so vasklou. Die verlede wat die hart moet warm maak as die nagte lank is. Bring die kinders van wie ons verwag om

'n plek vol te staan wat hulle nie kan nie. Bring die bietjie geloof, die sprankie hoop, bring die gebrek van die hart en kom na Jesus. Kom ons spring dan soos daardie vrou in haar droom en werp onsself in die genade van God. Los alles waaraan vasgeklou word en spring soos 'n drenkeling in Sy beloftes in. Laat ons wegspring van ons eie begeertes, van ons eie verlanges tot binne in die begeertes en verlanges van God die Vader wat in die hemel woon en wag om Hom te ontferm oor elke weduwee, elke persoon, wat in opregtheid na Hom keer.

Om alles te gee is om van Jesus bewus te wees, Hy wat Homself gegee het om ons te red, te lei, te leer, te vertroos en onberispelik voor die Vader te bring. Om te vra en te eis, is so maklik dat almal dit kan doen. Om te gee dat dit Jesus behaag, kos iets. Dit beteken dat 'n mens jouself vergeet en jou liggaam oorgee, jou begeertes oorgee, jou tekortkominge oorgee, jou gedagtes oorgee om gereinig en geheilig te word, sodat jy 'n lewende offer kan wees. Iemand wat nie sy eie begeertes volg nie, nie sy eie wil soek nie, maar die begeertes en wil van Jesus wat Homself gegee het, sodat ons kan leef in dieselfde gesindheid waarin Hy geleef het. Die een wat gee soos die weduwee gegee het, is die een wat kan dien en nie wag om bedien te word nie.

Die Bybel leer ons: "Al deel ek al wat ek het aan ander uit, en al gee ek my liggaam prys om my daarop te kan beroem, maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks. Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik, dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. Dit handel nie onwelvoeglik nie,soek nie sy eie belang nie, is nie Iiggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alle."

So wil ek gee. Daardie alles wat die Here behaag.

Wat van u? Dit alles waaroor ons gepraat het, in Jesus Christus is so 'n gee moontlik, maar ook net in Hom.

# ‘N OPDRAG!
# HET EK REG VERSTAAN?

In 1 Konings 17 het ek 'n weduwee ontmoet wie se geskiedenis 'n diep vreugde in my hart laat ontwaak het. Die Here het haar storie gebruik om vir my kosbare lesse te leer en om dieper betekenis aan my lewe te gee.

So staan dit geskrywe:

"Toe het die Woord van die Here weer tot Elia gekom en gesê: “Gaan na Sarfat toe by Sidon en gaan bly daar. Ek het 'n weduwee daar opdrag gegee om vir jou te sorg." Hy gaan toe na Sarfat toe, en toe hy by die poort van die stad kom, was daar 'n weduwee net besig om houtjies op te tel. Hy vra haar toe: "Gee my asseblief 'n bekertjie water om te drink."

Terwyl sy dit gaan haal, roep hy agter haar aan: "Bring vir my asseblief 'n stukkie brood saam."

Toe sê sy: "So seker as die Here u God leef, ek het nie meer brood nie, net 'n handvol meel in die kruik en 'n bietjie olie in die erdekan. Ek maak nou maar 'n paar houtjies bymekaar en dan gaan ek vir my en my seuntjie iets klaarmaak om te eet. Daarna moet ons maar doodgaan.” Elia sê toe vir haar: "Moenie bekommerd wees nie. Gaan maak dit klaar net soos jy gesê het, maar maak eers vir my 'n roosterkoek en bring dit hier, daarna kan jy vir jou en jou seuntjie sorg. So sê die Here die God van Israel: Die meel in die kruik sal nie opraak nie, en die olie in die kan sal nie minder word nie, totdat die Here laat reën het op die land.”

'n Weduwee met 'n opdrag van God! Dit het my gedagtes vasgevang. Hoe dikwels hoor 'n mens weduwees sê dat hulle nêrens meer inpas nie. Hulle voel so nutteloos, so 'n vyfde wiel aan die wa. Maar hier lees ons dat God aan een van Sy profete gesê het: "Ek het 'n weduwee daar opdrag gegee om vir jou te sorg." Wie was hierdie bevoorregte weduwee wat van die lewende God self 'n opdrag gekry het? Met grooi belangstelling het ek haar lewensgeskiedenis gelees.

Sy was 'n heidense weduwee in 'n heidense land. Daar het hulle Baäl aanbid en daar in haar land

was ook droogte en hongersnood soos in Israel. Sy het 'n huis gehad maar haar koskaste was leeg. Sy het 'n seuntjie gehad, maar kon nie verder vir hom sorg nie, want die koringlande was kaal en sonder oes. Sy het 'n hart gehad, maar haar hart was sonder hoop, want haar omstandighede was te haglik en haar god Baäl kon niks daaraan doen nie. Onder in haar kruik het nog 'n handjievol meel gelê en daar was nog 'n paar druppels olie oor. Maar dit was al. In haar verbeelding het sy al klaar die prentjie gesien hoe sy en haar seuntjie van honger sal doodgaan. In die hopelose toestand het sy uitgegaan om houtjies te gaan optel om nog vir oulaas vir haar en haar kind kos te maak. So het Elia haar aangetref.

Sy het Elia herken as 'n man van God en gehoor wat hy van haar gevra het. Water kon sy gaan haal, maar by die kos het sy vasgesteek. Sy het nie gepraat soos iemand wat van die Here 'n opdrag ontvang het nie. "So seker as die Here u God leef, ek het nie meer brood nie, net 'n handvol meel in die kruik en 'n bietjie olie in die erdekan. Ek maak nou rnaar 'n paar houtjies bymekaar en dan gaan ek vir my en my seuntjie iets klaarmaak om te eet. Daarna moet ons maar doodgaan."

Sy het Elia dus goed ingelig oor haar ellende en armoede, maar die dood waarvoor sy gewag het,

het hy nie gesien nie. Hy het geweet dat die Here hierdie weduwee die opdrag gegee het om hom te versorg: Hy was so pas maande lank deur kraaie versorg, nie engele nie, sommer doodgewone kraaie wat vir hom vleis en brood gebring het. Haar amper leë kruik het nie vir hom 'n bedreiging ingehou nie. Hy het die lewende God geken.

Die geskiedenis van hierdie weduwee het 'n aangename wending geneem. Daar het 'n wonderwerk in haar hart plaasgevind. Sy het geglo wat Elia gesê het. Omdat sy geglo het, het sy die moed gehad om die kos uit haar seuntjie se mond te neem en dit vir die profeet te gee. Sy het nie skade daardeur gely nie, die kruik het vir die paar jaar, totdat dit weer gereën het, nooit leeg geword nie! Die Here het voorsien sodat sy die opdrag wat Hy gegee het, kon uitvoer. Op die koop toe het sy nog maaltye in die geselskap van Elia deurgebring.

Ek kon die woorde wat die Here vir Elia gesê het, nie uit my gedagtes kry nie. "Ek het 'n weduwee daar opdrag gegee om vir jou te sorg." In my hart het daar later 'n vraag opgekom. Is daar in die Nuwe Testamentiese tyd waarin ek leef, ook vir my as weduwee 'n opdrag? Het die kerk van Jesus Christus dalk die woorde van die Here Jesus gehoor, maar ek is soos die weduwee van Sarfat,

ek kyk in my omstandighede vas en weet nog nie dat ek 'n weduwee met 'n opdrag is nie? In my soeke kom ek toe op die ondenig af wat Timoteüs van Paulus ontvang het. En daar staan my opdrag as weduwee duidelik voor my oë uitgespel.

"Weduwee, vestig jou hoop op God en volhard dag en nag met smeking en gebede. Voed jou kinders goed op. Wees gasvry. Was die voete van die gelowiges. Help die verdruktes. Doen goed waar jy kan. Moenie vir teenstanders van die Evangelie aanleiding gee om kwaad te praat nie. Moenie jou tyd verkwis om van huis tot huis rond te kuier nie. Moenie jou neus in ander se sake steek en skinder nie. Moenie uitspattig lewe nie, want dan is jy dood terwyl jy nog lewe. Nee! Vestig jou hoop volkome op God en volhard dag en nag met smeking en gebede."

Wat 'n opdrag! My hart het so 'n paar keer gebokspring van pure vreugde. Daar is 'n plek en 'n werk vir my as weduwee in die gemeente van Jesus Christus. Jesus self het na die aarde toe gekom om te dien en nie om bedien te word nie. Nou gee Hy vir my as weduwee hierdie opdrag om te dien. Die koninkryk van die hemel benodig weduwees! My lewe het 'n dieper betekenis gekry. Ek het besef om 'n weduwee te wees, is 'n

besonderse voorreg.

Dit is my roeping en dit is my opdrag. Wees 'n weduwee so na die Here se hart, sodat Hy nog in die tyd waarin ons leef kan sê: "Ek het 'n weduwee daar opdrag gegee..."

Vul dit nie ook u hart met hoop en vreugde nie? Miskien sê u, maar hoe kan ek 'n ander verdrukte help, ek word dan self deur omstandighede verdruk. Kyk na die weduwee van Sarfat, sy was 'n ellendige verdrukte, totaal ontrowe van hoop en wagtend op die dood. Sy het egter die bietjie wat sy gehad het, gegee om 'n ander te versorg. Daardeur het sy duisend maal meer ontvang, en 'n wonderwerk het in haar lewe gebeur, geloof het die wanhoop verdryf!

Haar gehoorsaamheid aan God se opdrag en haar diens aan Elia, het haar egter nie van verdere probleme gevrywaar nie. In die tyd wat sy die profeet versorg het, het haar seuntjie siek geword en gesterf. Miskien het die versorging van die Here nie haar sonde in herinnering geroep nie. Dit het die smart en die verlies van haar seuntjie wel gedoen. Haar sonde het toe skielik tussen haar en die profeet kom staan.

Ook die les het ek diep ter harte geneem. Om my

opdrag as weduwee na te kom, sal die Here my verder moet reinig en moet suiwer. Selfs my geloof sal getoets word. Is ek bereid daarvoor? Of verkeer ek ook dalk onder die waan dat die lewe my nou iets skuld omdat ek 'n weduwee is. As ek nog meer probleme moet ervaar dan is dit God wat onregverdig en ongevoelig is. Nee! Duisend maal nee! Kom wat wil, deur die Here se genade gaan ek 'n ware weduwee wees, Iemand wat ander gelowiges kan dien en nie een wat met 'n Iang lip en 'n ontevrede hart wag om bedien te word nie.

Ek het Psalm 102:18 gelees: "Die Here luister na die gebed van die wat alles verloor het. Hy sal hulle gebed nie verag nie." 'n Heerlike hoop het in my binneste opgevlam. 'n Mens kan maar alles verloor: jou man, jou kinders, jou eie drome en begeertes, jou verlange om spesiaal te wees en bedien te word, jou verlange om raakgesien te word, verlange om die voorste gestoeltes te vul, om vemaam te wees ...alles. Dit doen nie afbreuk nie, dit berokken nie skade nie, dit veroorsaak eerder dat die Almagtige Sy hart tot jou neig en hoor wat jy vra!

'n Weduwee met 'n opdrag. Dis wat ek wil wees! Dan is daar geen tyd vir kerm en kla oor alleenheid nie. Geen tyd vir selfbejammering en toegee aan

ellende nie. Daar is 'n opdrag.

En die belangrikste van die opdrag is dat ek geroep word om dag en nag in die Here se teenwoordigheid deur te bring. Watter ander vrou kan vir die res van haar lewe dag en nag in haar man se geselskap wees? Maar ek kan, want ek is 'n weduwee, en die Here het te kenne gegee dat Hy die man van die weduwee is. Wat 'n voorreg!

Kom, liewe leser, wees saam met my 'n weduwee met 'n opdrag, dat ons so doelgerig kan lewe dat ons die vyand nooit aanleiding gee om die Evangelie te belaster nie.

# DIE STILGEMAAKTE HART

In Lukas 2:36 38 het ek die wonderlike verhaal van weduwee Anna gevind. Die weduwee met 'n hart wat voor God stil was!

"Daar was ook 'n profetes, Anna, 'n dogter van Fanuel uit die stam Aser. Sy was al baie oud. As jong vrou was sy sewe jaar getroud, en na haar man se dood het sy weduwee gebly. Sy was nou al vier en tagtig jaar oud. Sy het nie van die tempel af weggebly nie en het God dag en nag gedien deur te vas en te bid. Juis op daardie oomblik het sy nader gekom en God gedank en oor die Kindjie gepraat met almal wat na die verlossing van Jerusalem uitgesien het."

Anna, die weduwee met die stilgemaakte hart. As jong vrou was sy net sewe jaar getroud. Na haar

man se dood het sy weduwee gebly. Toe die dag van Jesus se geboorte aangebreek het, was sy seker al meer as vyftig jaar 'n weduwee. Wat het sy al daardie jare met haar lewe gemaak? Sy het God dag en nag gedien deur te vas en te bid en sy het nie van die tempel af weggebly nie.

Hierdie Anna het na haar man se dood gekies om weduwee te bly. Praat vandag met weduwees. Dit verstom 'n mens dat byna elke weduwee vir jou sal vertel dat haar groot benoudheid is dat sy dalk die res van haar lewe alleen sal moet deurbring.

Die lewe wat bekend was, was die getroude lewe. Die alleenlewe is onbekend en onbemind. Baie weduwees probeer dit so gou soos moontlik ontvlug. Kort nadat ek weduwee geword het, het ek met 'n vrou gepraat wat al amper sestig was. Sy het teenoor my erken dat haar diepste en grootste verlange nog altyd is om te trou. In my hart was ek geruk en geskud. Dit was amper asof wanhoop my wou oorrompel. As 'n mens so oud word en nog altyd verlang om saam met 'n manmaat te wees, wat gaan dan van my word. Ek het 'n bietjie met meer aandag na ander weduwees geluister en my benoudheid het verdiep. Die een moes al vir ses jaar elke aand slaappille drink, anders het sy snags wakker gelê.

'n Ander het op reis gegaan, altyd nuwe plekke, nuwe mense sodat sy nie hoef te dink en hoef stil te wees nie. 'n Ander een het koorsagtig betrokke begin raak in elke vergadering, beweging of projek wat op die horison verskyn het. Net om besig te bly en nie alleen te wees nie. Maar dan, na die geskarrel van die dag, het die alleenheid van die kamer vir haar gewag.

In daardie tyd het ek die geskiedenis van weduwee Tamar in Genesis 38 gelees. Dit het my met afsku vervul. 'n Weduwee wat nie haar weduweeskap kon aanvaar nie en daarom haar vermom het soos ‘n prostituut, om so haar eie skoonpa te bedrieg. My oë en ore het oopgegaan om te sien wat ander weduwees met hulle lewens maak. So baie val in seksuele sonde, net omdat hulle hul weduweeskap probeer ontvlug. Net omdat hulle dit as 'n vernedering beskou en nie as 'n roeping en 'n opdrag van die Lewende God nie.

Weduwee Anna se lewe is vir my soos 'n soet geur. Ek kan nie beskryf wat in my hart gebeur het toe ek van Anna gelees het nie. Ek het so gewens dat ek haar kon ken en dat sy met my die mooiheid van haar lewe kon deel. Haar voorbeeld het iets hier diep in my wakker gemaak. Toe het ek gaan sit en vir haar 'n brief geskryf. Nee, ek het nie my

verstand verloor nie! Ek wou sommer net my hart voor die Here oopmaak. Ek het geweet sy sou dit nie kon lees nie, maar ons Vader in die hemel sou wel.

*Liewe Weduwee Anna*

*Ek het vandag die brief gelees wat Lukas oor u lewe geskryf het. So lank al soek en na 'n weduwee-wie se hart voor die lewende God stil is. En vandag het ek so 'n persoon gevind. My soeke het tot 'n einde gekom! U het my die pad gewys na daardie gesindheid van stilte voor God As u naby* my was sou *ek nou vir u 'n groot gerf geel rose gebring het om dankie te sê. Dankie dat u gekies het om weduwee te bly na u man se dood. U het in baie hagliker omstandighede as ek geleef en u was tevrede met die weduweeskap wat oor u gekom het. Orn u storie te lees, bring net so 'n heerlike geur soos die gerf gee lrose wat ek in u arms wil kom sit. Dankie vir u lewe, dit bring ook vandag vir my lewe.*

*Ek wil 'n weduwee soos u wees. Oorgegee aan God. Tevrede. Stil.*

*Ek verlang met my hele hart om in die tempel van*

*die Here te bly en Hom te dien met gebed, net soos u gemaak het. Ek wil ook vas. Nie noodwendig kos nie, ek wil liewer wegbly van alle onrein begeertes en onrein gedagtes. Dit is hoe ek verlang om te vas. Te vas van alles wat my wegsleep uit die teenwoordigheid van God.*

*Soos u, veriang ek ook om in die teenwoordigheid van die Here gevind te word. U was daar in die tempel toe Jesus gebore is. U godvresende hart het verlang om die Verlosser te sien en u het ook. Miskien het u Hom vasgehou in u arms en u het net almal oor Hom gepraat.*

*Liewe weduwee Anna, o vir 'n lewe soos u. Ek het so 'n brandende begeerte in my dat my weduweeskap soveel seën na ander sal uitdra soos wat u lewe utdra. Dan kan ek ook met almal oor die Kindjie Jesus praat. Maar meer nog, dan kan almal sien dat die Verlosse rwaaroor u so bly was en God gedank het, my Verlosser geword het en daarom is my weduweeskap vir my mooi en soet. Daarom is my lewe vol en ryk.*

*Saam met u en saam met Dawid sê ek ook vandag: " 'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi."*

*Weduweeskap het vir my mooi geword. Ek het dit*

*ontvang as opdrag van die lewende God. En u het my geleer hoe om te lewe met hierdie pragtige deel wat vir my afgemeet is. Ek dank die Here vir u lewe en vir die erfenis wat u agtergelaat het vir ons weduwees van vandag.*

*Met innige dank*

*Esther*